# Die Matie

SELFSTANDIGE MONDSTUK VAN STELLENBOSSE STUDENTE SEDERT 1941

GRATIS OP KAMPUS VERSPREI | NR 11 | DONDERDAG 25 AUGUSTUS 1994



p9

$

KYK hoe swoeg die SR vir hulle geld...


# Forssman veg verniet

**Die US Studentehof het eergisteraand vir die eerste keer in drie jaar gesit. Die sitting het plaasgevind nadat mnr Jason Forssman aansoek gedoen het om die tersydestelling van 'n bevel, deur die SR-verkiesing se Appèlliggaam, om sy beoogde SR-kandidatuur af te keur.**

Deur Riekie-Louise Human

MNR FORSSMAN, 'n vierdejaar BComm Regte-student, het tydens die akademiese keuringsproses vir die SR uitgeval.

Hy het appèl aangeteken op grond daarvan dat die inligting in sy akademiese rekords, wat tydens die keuring in aanmerking geneem is, foutief was. Volgens die beëdigde verklaring wat mnr Forssman aan die hof voorgelê het, het die puntestaat aangetoon dat hy 'n vorderingspunt van 25 persent in Pivaatreg 378 verwerf het, terwyl dit later geblyk het dat hierdie punt verkeerdelik bereken is, en dat hy in der waarheid 50 persent vir dié vak in die Junietoets behaal het.

Verder noem die puntestaat nie dat mnr Forssman se finale uitslag vir Publiekreg 312 tans herbeoordeel word nie. Mnr Forssman se predikaat in hierdie vak was 58 persent.

Die betrokke puntestaat het aangedui dat mnr Forssman die vak gedruip het.

Mnr Frikkie Ponelis, mnr Forssman se regsverteenwoordiger, het sy aksie geloods teen die Appèlliggaam van die SR-verkiesing se "gebrekkige uitoefening van diskresie" tydens hul beoordeling van die appèl. Hierdie liggaam het bestaan uit die Hoofdirekteur: Studentesake, prof Flip de Wet, die SR-voorsitter, Louis du Preez, die SR-sekretaris, Ilse Erasmus, en die stembuskonvenor, mnr Willem Grobler. Hulle het eenparig teen mnr Forssman se appèl beslis.

Tydens die tweede sitting het mnr Ponelis die belangrikheid van buitemuurse aktiwiteite as addisionele meriete vir 'n voornemende SR-kandidate beklemtoon. Hy het ook aangevoer dat daar in die bewoording van artikel 7(3) van die Grondwet van die Studente-unie van die US geen aanduidings is dat "akademiese oorwegings 'n deurslaggewende rol moet speel by die goedkeuring van 'n potensiële kandidaat se kandidatuur nie".

Die hof het bevind dat akademiese meriete wel deurslaggewend is. Hulle het verder beslis dat alle faktore wel in ag geneem is toe mnr Forssman se appèl afgekeur is. Die aansoek om die besluit te hersien is dus verwerp.



Nico Wegner (links) en Fritz van Heerden (regs) het onlangs van Nieu-Seeland teruggekeer, nadat hulle saam met die Springbokke daar getoer het. Dit was die eerste keer wat Fritz vir die Springbokke op die veld gedraf het. Vir meer inligting oor hom, lees die onderhoud op p11.

# Vrouestudente kan inkomtye uitstem

Deur Jan Schoombee

INKOMTYE in vrouekoshuise sal na verwagting afgeskaf word, maar die finale besluit hang af van 'n stemming wat tydens die komende SR-verkiesing gehou sal word.

Volgens 'n stemming in Mei vanjaar oor die behoud van inkomtye al dan nie, het die meeste vrouestudente hulle teen inkomtye uitgespreek.

Uit die stempersentasie van 79 persent het 63 persent vrouestudente hulle teen die behoud van inkomtye uitgespreek. Twaalf koshuise het hieraan deelgeneem.

Indien inkomtye afgeskaf word, word verwag dat alle vrouekoshuise van dubbele sekuriteitsdeure voorsien sal word, in plaas van die bestaande deurwagstelsel. Toegang sal met 'n studentekaart verkry word.

Die koste van so 'n stelsel beloop ongeveer R42 000. Dit kan oor 'n tydperk van tien tot twaalf jaar afbetaal word deur van elke inwoner ongeveer R40 per jaar te verhaal.

Die alternatief is die behoud van inkomtye, deurwagte en die installering van 'n enkele sekuriteitsdeur. Die koste hiervan sal ongeveer R21 000 of R20 per inwoner per jaar beloop. Met dié stelsel sal ook die deurwagte se loon van die vroue verhaal word.

Harmonie, Nemesia, Erica, Serruria, Huis ten Bosch, Irene, Minerva, Huis de Villiers en Monica het almal teen die behoud van inkomtyd gestem. By Nerina, Heemstede en Lydia, het die meerderheid van die inwoners ten gunste van inkomtye gestem.

'n Finale stemming word op 30 Augustus gehou om aan alle inwoners van vrouekoshuise die geleentheid te bied om finaal te besluit wat hulle gevoel is. Die besluit sal bindend wees.

Me Walbrugh voel dat die meerderheidsbesluit van hierdie stemming vir al die koshuise sal geld, aangesien Administrasie 'n eenvormige beleid ten opsigte van koshuise verkies.

# Huis Marais gestraf

HUIS Marais is onlangs kollektief skuldig bevind aan oortredings van die Universiteit se verbod ten opsigte van die doop van eerstejaars. Die oortredings het in Maart vanjaar plaasgevind.

Die huiskomitee en die betrokke seniors is aan dieselfde oortredings skuldig bevind.

Die 45 inwoners wat voor die tugkomitee verskyn het, sluit sewe HK-lede en 38 seniors in. Sewe inwoners is onskuldig bevind. Die individuele boetes varieer van R250 tot R800 en skorsing uit die koshuis. Dele van die vonnis is opgeskort.

Die koshuis is verbied om deel te neem aan interkoshuis-sport, en spesifiek die Sauerbekerkompetisie. Dié straf is vir agtien maande opgeskort.

Volgens die voorsitter van die US se Sentrale Tugkomitee en die viserektor (Bedryf), prof Christo Viljoen, was dit "'n moeilike en tydrowende ondersoek."

"Die Universiteit is in die proses grootliks ondersteun deur die koshuis-inwoners self, wat besluit het om oop kaarte te speel. Hulle het hulle volle samewerking gegee en verklarings afgelê wat versagtend tot opskorting van deel van die strawwe gelei het," het hy gesê.

Prof Viljoen het ook skerp kritiek uitgespreek oor Die Matie se beriggewing oor die insident. "Die berig-gewing was sensasioneel en oordrewe. Beweringe, byvoorbeeld dat eerstejaars in braaksel moes rondkruip, is van alle waarheid ontbloot."

Die primarius van Huis Marais, mnr Attie Heyns, het gesê die betrokkenes het besef dat wat gebeur het, verkeerd was, en het besluit om oop kaarte met die tugkomitee te speel. "Ons het besluit om die aangeleentheid in die ope te bring en ek dink dit is 'n baie manmoedige en positiewe optrede."

## 'Stop die SR'

Die SR-Verkiesing het vanjaar 'n anti-SR propaganda op stoptekens in en om die kampus opgelewer.

Die boodskap is met 'n stensil aangebring en lui as volg: "Moenie stem - Stop die SR".

Mnr Riaan Smit, woordvoerder van die Stellenbosse Stadsraad, het gesê hierdie soort van publieke skending is onaanvaarbaar.

# Kos bereik laagtepunt

INWONERS van Helshoogte koshuis het verlede Donderdag geweier om aandete te eet uit protes teen die swak diens en lae gehalte van voedsel.

Volgens die prim, mnr Jaco Smith, het die inwoners die kos gaan haal en vir aandete aangesit. Hulle het toe egter opgestaan, die kos onaangeraak gelos en by Steers, waar hulle afslag beding het, gaan eet.

Die kos is by Harmonie koshuis gestoor en die volgende dag aan Uskor geskenk. Volgens mnr Smith gaan hulle selfs meer drastiese optrede oorweeg as die probleme nie opgelos word nie.




FRITZ VAN HEERDEN: Lees wat sê een van ons eie Springbokke!

p11






EFFENS BITTER, beslis nie soet nie...

D&N IV





JAN ENGEL: Standbeeld vir Doc Danie Craven op Coetzenburg onthul.

p10



DIE MATIE

Blockbuster video/Delivery king BELBONANZA

WEN!!!

1) Blockbuster Videokontrakte ter waarde van R450

2) 12 STER KINEKOR Fliekkaart jies

SKAKEL 8866312, antwoord die volgende vrae en gee jou naam en tel. nr.

(Alle inbellers staan 'n gelyke kans)

1)Wat is die spesiale studentetarief van DELIVERY KING?

2) Hoeveel is die honorarium van 'n SR-lid?

3) In watter jaar was die laaste sitting van die Studentehof?

# Swart studentetal aan't styg

DIE aantal swart studente aan die US het die afgelope drie jaar verdriedubbel. Volgens die nuutste statistiek het die aantal Indiër en bruin studente ook drasties toegeneem, terwyl die aantal wit studente effens gedaal het.

Die persentasie nie-wit studente aan die US het gestyg van 6,8 persent in 1992 na 8,6 persent in 1993. Vir 1994 staan dit op 10 persent.

Volgens 'n woordvoerder van die Afdeling Openbare Betrekkinge word die styging in swart studente "toegeskryf aan die styging in die swart lewende geboortesyfer sowat negentien jaar gelede."

Die toename in beurse aan swart studente word as 'n verder rede beskou.

'n Verdere rede vir die toename in veral bruin studente is die feit dat kursusse soos Geneeskunde, Menslike Bewegingskunde en nagraadse Bestuur nie by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) aangebied word nie, maar wel by die US.




| | 1991 | 1992 | 1993 | 1994 |
|---|---|---|---|---|
| BLANK | 1,365.7 | 1,351.2 | 1,315.9 | 1,301.6 |
| KLEURLING | 786 | 865 | 1,021 | 1,128 |
| INDIERS | 21 | 24 | 43 | 64 |
| SWART | 76 | 84 | 151 | 254 |

BLANKES GEDEEL DEUR 10

BLANK
KLEURLING
INDIERS
SWART

# NUUSFLITSE

## Helderberg-motortjie gesog

DIE Republiek van Helderberg het onlangs hul 37ste bestaansjaar gevier met 'n week van inter-ingang kompetisie.

Die vier ingange van Helderberg het teen mekaar meegeding vir die gesogte motortjie wat tans bo ingang drie is. Die motor sal aan die begin van volgende jaar met die aankoms van die eerstejaars verskuif word. Die verrigtinge is geopen deur die president van Helderberg, mnr Pieter Nortjè, met 'n vlaghuising en die sing van die Republiekslied.

Die week se feesvieringe is entoesiasties bygewoon deur die President, sy kabinet en die inwoners van Helderberg. Van die items op die program was pool, veerpyltjies, gholf, armdruk en die trollie-rally. Die hoogtepunt van die verrigtinge was die aandkrieket, wat op die grasperk voor die koshuis onder spreiligte gespeel is. Die beste losie by die aandkrieket is deur AROMA geborg.

Die uitslag van die kompetisie sal later bekendgemaak word. - *Ross Linström*

## Matie skuldig aan huisbraak

MNR MORNÉ TRUTER, 'n finalejaar B Ekon-student, is in die Stellenbosse Landdroshof aan huisbraak en diefstal skuldig bevind. Hy is gevonnis tot 'n boete van R2000 of vier maande gevangenisstraf.

Volgens mnr Truter was dit sy eerste botsing met die gereg en het hy bittere berou oor sy optrede. "My optrede skryf ek daaraan toe dat ek onder die invloed van drank was en die betrokke aand in die verkeerde geselskap verkeer het."

Mnr Truter se medepligtige, mnr Lufty Swarts, is gevonnis tot 'n jaar gevangenisstraf. - *Ronelle Burger*

## Kultuur op die keper beskou

TYDENS 'n onlangse kultuuraand by Goldfields koshuis het 'n aantal sprekers hul mening gelug oor die kultuurstrominge in Suid-Afrika. Elkeen het 'n kultuur bespreek en die posisie daarvan in die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing probeer plaas.

Dr Richard Stevens, voormalige lektor in Sosiale Etiek by die UWK, het voorgestel dat daar uit die geskiedenis geleer kan word om nie weer dieselfde foute te maak nie. Volgens dr Johan Hattingh van die Filosofie Departement van die US, moet na die gemeenskaplike behoeftes van die bevolking gekyk word om versoening te bewerkstellig.

Dr Subritha Moodley-Moore, van die Politieke Wetenskap Departement, het etniese verdraagsaamheid bepleit. Volgens haar moet elke kultuur 'n eie identiteit vind en mekaar as gelykes behandel. - *Leoni Molenaar*

## Eksamen-begintye verander

DIE aanvangstyd van eksamens in die oggend is volgens 'n besluit van die Uitvoerende Komitee van die Senaat verander. Die oggendsessies sal in die komende eksamen om 09:00 begin.

Die vernaamste rede vir die verskuiwing is die voorkoms van verkeersopeenhopings kort voor 08:00 en parkeerprobleme wat laatkommery en eksamenontwrigtings veroorsaak. - *Marius de Jager*

## Bekendes tree op vir sending

DIE Studentekerk se jaarlikse Sendingweek het vanjaar 'n vol program gebied. Dié week het vanaf 14 tot 21 Augustus gestrek.

Gedurende die week is daaglikse kerkdienste aangebied deur Operasie Mobilisasie se internasionale hoof en stigterslid, George Verwer. Hy is wyd bekend as spreker en het spesiaal na Suid-Afrika gekom.

Byna sestig sendingorganisasies van regoor die land het aan die sendingweek-uitstallings deelgeneem.

Die hele week is musikale optredes oor middagetes in die Gaatjie gehou. Bekende gospelsangers soos Usher Bell, Theuns Jordaan en DTC het opgetree.

Volgens George Verwer het 191 mense hulself gedurende die week tot sendingwerk verbind.

Canon
COLOUR COLOUR
COPY SHOP
Student discount
QUALITY COPY
FULL COLOUR DIGITAL LASER PHOTOCOPYING
FAXES SEND & RECEIVE
BINDING OF DOCUMENTS etc.
(021) 887-4694
(021) 886-5053
Le Coetzenbourg • 7 Andringa Street • Stellenbosch • 7600
(OPPOSITE JAN CATS)

Daar's net een SR kandidaat wat uitstyg bo die res !



Stem 3de van onder

ACTIVE SYSTEMS
TEL: 021-8871822 FAX: 021-8871829
SHOW SPECIALS
CPU & Motherboard
486DX-40 R1238-00
486DX2-66 R1590-00
486DX2-66 (Intel) R1690-00
MODEMS
14400 Modem/Fax (internal) R790-00
28800 Modem/Fax (internal) R1500-00
INTERNET ACCESS
Get full dail-up internet access, including; Ftp, Telnet IRC, Gopher, World-wide-web, E-mail, News ......etc for R50-00 / month !!
p.o.box 2282 stellenbosch 7600 south-africa

Kwik-Fit
EXHAUSTS • TOWBARS SHOCKS • TYRES
Tel: 887 2767, 886 5829
Birdstraat
Studente-afslag tot 40% op alles. Byvoorbeeld:
Grapnel Bosal Uitlaatstelsels:
Citi Golf – normaal R300 NOU R230
Corolla – normaal R248 NOU R187
Armstrong Gabriel Skokbrekers: Citi Golf – R276
Koop een, kry een verniet!
Pryse sluit installasiekoste en BTW in.
Werk gewaarborg, 180 takke landswyd

# Tygerbergers verkies eie SR

'N MENINGSOPNAME tydens die onlangse Tygerberg SR-verkiesing (TSR) dui aan dat die meeste van die studente wat gestem het nie ook vir die Stellenbosch SR wil stem nie.

Tydens die komende SR-verkiesing op Stellenbosch gaan die opinies van studente in 'n soortgelyke meningsopname getoets word.

Hierdie opnames spruit uit vrae in die verlede oor die sinvolheid daarvan dat die Tygerbergstudente vir die Stellenbosch SR of slegs vir die TSR stem.

Volgens die huidige SR-voorsitter, Louis du Preez, is dit slegs 'n meningsopname en het dit geen bindende gesag nie. "Die meningsopname is slegs gemaak om die gevoel te toets en die komende SR iets te gee om mee te werk."

Tans stem die Tygerbergstudente vir hulle SR én die Stellenbosch SR. Verder is die TSR-voorsitter 'n ex-officio lid van die Stellenbosch SR.

Die stempersentasie in die onlangse TSR-verkiesing, van 57.5 persent, is slegs sowat een persent laer as dié van verlede jaar. Vanjaar het twintig kandidate gestaan vir die twaalf porteulijes.



Die nuwe SR vir Tygerberg is onlangs verkies. Agter van links is Matthys Theron (voorsitter), Deidré Landman, Winston Wertlin. In die tweede ry is Sean Neill, Sandri van Wyk, Janet Peattie en Lize Krige. Derde ry is Ilse van Niekerk, Sunelle van Niekerk en Adeo Breet (ondervoorsitter). In die voorste ry is Andries van Schalkwyk en James Pattison-Bacon. Foto: GERDA VISSER

# Maties Karnaval '94 grootste en beste

MATIES Karnaval 1993/1994 het vroeër vandeesmaand die beker vir die Mees Verbeterde Joolkomitee in Suid-Afrika ontvang. Maties Karnaval het ook die prys vir die beste joolblad met *Akkerjol* gewen.

Behalwe vir die twee kategorieë wat Stellenbosch gewen het, is verdere pryse toegeken vir die beste Buddy-projek teen drink en bestuur, die grootste bloedskenkingspoging en die grootste fondsinsamelaars.

Volgens 'n vorige ondervoorsitter betrokke by Maties Karnaval 1994, mnr Ebbe Domisse, het die komitee beplan om daadwerklike veranderinge te maak om Karnaval "inwonersvriendelik" te maak. Om 'n versoeningaksie tussen studente en die gevestigde inwoners te begin, is verder beoog.

Die bierfeeste is vanaf die stadsaal nader aan die koshuise geskuif. Die voorgestelde oplossing vir probleme met vensterversierings (soos potplante wat in die verlede gesteel is), was om die areas te omhein, sekuriteitsmaatreëls te tref en pawiljoene op te rig vir toeskouers.

Die Karnavalvoorsitter vir 1994/1995, mnr Nico de Villiers, voel daar is in hierdie doelstellings geslaag en 'n "gebruikersvriendelike Karnaval" is bewerkstellig. Hy is van mening dat die verhouding tussen studente, die Universiteit, die Stellenbosch Munisipaliteit en die plaaslike gemeenskap baie verbeter het.

"Ek was verras toe Maties Karneval as die wenners aangewys is. Dit is 'n motivering vir die nuwe komitee, maar ook as 'n uitdaging om daarby te hou en daarop te verbeter," het mnr De Villiers gesê.

Die Uitvoerende Komitee van Nasionale Jool en die hoofborge het die wenners aangewys.

# Flinkste dinkers wen vasvra

DEELNEMERS aan die algemene kenniskompetisie aangebied deur die SR se Akademiese Belangekomitee, moes verlede Donderdagaand flink dink toe die finaal in die BJ Vorster-gebou gehou is.

Die wenners was die span van Oude Molen bestaande uit mnr Stanley du Plessis, 'n honneurs Ekonomie-student en mnr André Vos, 'n LLB-student in sy tweede jaar. Altesaam 41 spanne het deelgeneem.

Die eerste prys was 'n goue penstel, geskenk deur Van Schaik Boekhandel.

Beide mnre Du Plessis en Vos het ook aan verlede jaar se vasvrakompetisie deelgeneem.

Volgens mnr Vos was vanjaar se kompetisie opwindend en het hy dit deurgaans geniet. "Ek sal nie volgende jaar weer deelneem nie. Ek sal dit vir 'n ander Oude Molen man los om die goue penne te wen," het hy gesê.

"Die kompetisie was goed georganiseer en ek het veral die moeite wat die vraesteller, mnr Dawid van Lill, gedoen het, waardeer". Mnr Anton de Goede, die organiseerder van die kompetisie, het dit ook as 'n "groot sukses" bestempel. Mnr Van Lill, voormalige Flinkdinkwenner, het gesê dit was "die beste vasvrakompetisie" op universiteite waarby hy nog betrokke was.

# Sonder Afrikaans net 'half mens'

"ONS laat 'n taal in die steek wanneer ons, as die son sak, nie in daardie taal die dinge kan sê wat ons moet sê nie," het prof Adam Small, verbonde aan die Departement Maatskaplike Werk, tydens 'n onlangse Stem-debat oor die kontroversie rondom die behoud van Afrikaans gesê.

Verdere sprekers was proff Hein Willemse en Johan Combrink, beide verbonde aan die Afrikaans-Nederlands Departemente van onderskeidelik die UWK en die US.

Volgens prof Small is apartheid nog lank nie uitgeskryf nie. "Enige taal het daardie enorme draagwydte wat die onheilige pad tussen die goeie en die bose loop. So ook dra die Afrikaanse taal swaar aan die boosheid en maklik aan die goedheid."

Prof Willemse het gesê taal is 'n fundamenteel menslike reg wat aan almal gegun moet word om uitdrukking aan hul regte te kan gee.

"Daar is 'n neiging om Afrikaans êrens in te druk waar dit nie hoort nie. Wat help dit om plakkate van 'worry' oral op te plak? Ons moet eerder kyk wat ons kan doen om menseregte en ander tale saam met Afrikaans te ontwikkel."

Prof Combrink het gesê hy is pro-Afrikaans, maar nie anti-Engels nie, om lewensredes. Volgens hom kan mense slegs in hul moedertaal volledig mens wees.

"In taal is 'n stel morele waardes vasgelê waaraan jy medewetenloos blootgestel word. Dit sou teoreties vir my kinders moontlik wees om ander tale aan te leer waarin hulle halwe mense is, maar ek wil hê my kinders moet kan funksioneer in Afrikaans en daarvoor sal ek duur betaal."

In reaksie op prof Combrink het prof Small gesê sy kinders het hul taal verloor in die tyd van apartheid en soos prof Combrink genoem het, probeer hulle as "halwe mense" in Engels leef. Prof Combrink het verder gesê hy vra nie maksimale bevoorregting vir Afrikaans nie, maar Afrikaans moet volgens hom, nié teruggedruk word na 'n nul identiteit omdat een groep Afrikaners kwaad is vir 'n ander groep Afrikaners nie.


# ✓ SR VERKIESING '94-'95

**SIRKUSSE:**

**Donderdag, 25 Augustus 12:45 Gaatjie by Biblioteek** (as dit reën in **BJ230**)

**: Maandag, 29 Augustus 12:45 BJ 230**



**STEMMING:**

**Dinsdag, 30 Aug 9:00 - 17:00 Koshuise & PSO Wyk op die Rooi Plein**

**: Woensdag, 31 Aug 9:00 - 17:00 Schuman gebou PSO Wyk**

**Uitslae 31 Augustus voor 24:00**

# Volkstaat declared at tech

By Karen Smith

RACIAL tension has erupted at the Vaal Triangle Technikon in Vanderbijlpark after white students allegedly declared a "volkstaat" at a hostel on campus. Black students have moved out of the effected hostel and unknown people tried to set fire to some of the campus buildings. There have also been various reports of racial attacks on and verbal abuse of black students.

The technikon's Student Representative Council chairman, mr Danie Joubert, confirmed that there were problems in the campus's Decima hostel but said that they were "here and there" and "not very serious".

Black students, however, told *Weekend Star* that Block L in the Decima hostel was a "source of terror, humiliation and misery" for them. They also said they had been forced out of the block by white students who said "there is no kaffir who will come into this place alive and leave alive", and had declared it a "white-only territory".

Mr Joubert denied the existence of a "volkstaat" within the hostel, but admitted that problems in Decima had led to the removal of black students for "the sake of peace". He further stated that the problems were not race-related but a matter of education, as "African students speak so loudly and European students get irritated". Volkstaat stickers were, however, stuck to the hostel's wall.

A second-year student, mr Sehume Motswenyane, said he moved out of Decima Block L after a group of white students "trapped me inside my room and smashed my door with a pickhandle". He told how the incident followed "months of singing of AWB songs and *Die Stem* every time they met me".

The Pan-Africanist Students' Organisation spokesman, mr Kinsley Boloang, felt the technikon's management was to blame for the situation. He mentioned how, when they tried to talk to dean of students, mr P de Jager, about it, he said that the matter could wait until next year. The technikon "had not yet been transformed; it is still in the hands of the Boers", a South African Students' Congress (Sasco) spokesman on the campus, said in response.

A press statement was released by the rector of the technikon, Prof Pieter du Plessis, in which he said that action will be taken against students who "made racist statements and victimised fellow students". Meanwhile, a three-member commission of inquiry has been appointed, and a forum is to be held to discuss the transformation of the technikon.




Hierdie spotprent het onlangs in Pukke se studentekoerant, die Wapad, verskyn nadat 'n verlate tas, voor die Vergeet-my-nie vrouekoshuis van die Potchefstroomse Universiteit, vir groot skok en ontsteltenis gesorg het.

Die tas het heel middag ongemerk voor die koshuis gestaan, maar iemand het laat die aand alarm gemaak en die polisie is ontbied. Polisiehonde het aangedui dat daar plofstof in die tas is.

Inwoners van die koshuis is eers gevra om weg van die vensters af te staan, en later om die koshuis te ontruim. Nadat die tas deur die polisie oopgesny is, is daar egter vasgestel dat daar net klere binne-in was.

Die tas is blykbaar by die verkeerde koshuis afgelewer.

# Seoelse studente bots met onlustepolisie

TIENTALLE mense is op 14 Augustus beseer tydens 'n botsing tussen studente en onlustepolisie by die Universiteit van Seoel in Suid-Korea. Die polisie het die kampus bestorm om 'n pro-herenigingsaamtrek te beëindig.

Sowat 4000 studente het die oggend op die kampus vergader om ten gunste van hereniging tussen Suid- en Noord-Korea te demonstreer. Volgens ooggetuies het hul getalle later tot 15 000 vermeerder toe studente van ander kampusse by die skare aangesluit het. Ooggetuies het vertel hoe studente, gewapen met ystestawe en klippe, lede van die polisie omsingel het. Hulle het later die polisie se toerusting afgeneem en hulle geslaan.

Volgens 'n fotograaf is "baie polisiemanne en studente beseer. Ambulanse het heen en weer gery om die beseerdes van die kampus te verwyder".

Die saamtrek is deur die regering verbied omdat dit, volgens hulle, ter ondersteuning van Noord-Korea was.

# National liberal student movement launched

By Markus Hill

A NEW national liberal student movement, which is to provide independent-minded students with a political home, was launched recently. The national launch of the South African Liberal Student's Association (Salsa), which is not aligned to any political party, took place at the University of Cape Town from 11 to 13 July.

The first meeting was attended by representatives of universities and technikons throughout the country and included speakers such as Tony Leon, Frances Kendall and Leon Louw, who were invited in their capacity as liberal-democrats of high standing.

Salsa plans to revive free-thinking liberal traditions as they believe that with the struggle against apartheid being over, it is time to restore the freedom and fun to varsity politics.

They will therefore concentrate on issues that really concern students, such as eating disorders, opposition to exclusion and admission policies at universities, as well as fighting against separate residences for male and female students.

KLERE
Calvin Klein, Benetton, Levi's, Hugo Boss
Oosterse geborduurde dameskIere
Ideale studente klere
Goedkoop en goeie kwaliteit
Skakel 887-1710

AU PAIR DISCOVER EUROPE
has many lovely host families available in England, Germany, Holland, Belgium, France and other countries in Europe. We already have lots of families for 1995!
*For our free brochure contact*
Au Pair Discover Europe,
P.O. Box 7134, Roggebaai,
Cape Town, 8012.
Tel: 021-419 5740

Daar is net een kandidaat wat uitstyg bo die res.
STEM
Gerhardt Jooste
3e van onder

# KAMPUSFLITSE

## Professor skiet homself

'n DOSENT van die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) het op 11 Augustus selfmoord gepleeg nadat hy sy vrou gewond en 'n aantal skote na die polisie gevuur het.

Die polisie is om 02:00 na die egpaar se huis in Lynnwood, Pretoria, ontbied nadat skote gehoor is. Volgens 'n Polisie-woordvoerder, kapt Evan Johnson, het prof Cornelius De Beer (57) na die polisie gevuur, waarna hy sy vrou, Catherina (47), in die bo-arm gewond het. Hy het homself hierna in die kop geskiet.

Na bewering was daar sprake van huweliksprobleme.

## Kovsies stem teen Afrikaans

IN 'n onlangse stemming het 85 persent van die studente by die Universiteit van die Oranje Vrystaat (UOVS) aangedui dat hulle ten gunste is van die verwydering van onderskrywing van die Afrikaanse karakter in die grondwet van hulle studenteraad. Die raad en die senaat sal in September die aanbeveling van die SR om dit te verander, bespreek. Die SR voorsitter, mnr Wicus Jacobs, het beklemtoon dat Afrikaans hierdeur nie heeltemal uit die SR se grondwet verwyder gaan word nie, maar net meer billik vervat gaan word.

## Hand found in student's car

A HUMAN hand found in the glove compartment of a pre-medical student's car in Austin, Texas, was said to be a family heirloom. The Police were called in when a mechanic found the hand while repairing the student's car. The "heirloom" was originally owned by a retired anatomy professor, who told police it was a "quirky hand-me-down" now owned by his granddaughter.

## Soybeans for breast implants

THOUSANDS of women wanting to experiment with new soybean oil-filled breast implants are swamping Stanford University Medical Centre with telephone calls. The implants are being tested as an alernative to silicone gel implants, which have been banned for use in cosmetic surgery as a result of suspected harmful effects. A spokesperson from LipoMatrix, the Swiss company which makes the implants, said that soybean oil is much safer as it can be absorbed by body tissue in the case of an implant rupturing.

## No doctorate for Maggie

OXFORD University has refused to offer ex British prime minister Margeret Thatcher an honorary law doctorate, while granting an honourary law degree to American president Bill Clinton. Some critics see this as proof of academic left-wing bias. Their argument is strengthened by the fact that Mrs Thatcher is an Oxford graduate, while pres Clinton is not.

## Burundese studente staak

STUDENTE in Bujumbura, Burundi was vroeër in Augustus betrokke in 'n protesstaking teen die regering. Die studente, meestal Tutsi ondersteuners van opposisie partye, het die vrylating van die politikus Mathias Hitimana geëis. Hy is op 7 Augustus in hegtenis geneem nadat hy 'n studentedemonstrasie, waartydens 17 mense dood is, georganiseer het. Die insident het die spanning in 'n land wat in vrees vir 'n etniese bloedbad lewe nog meer verhoog.

## Ikeys hou nou parlement

DIE studenteparlement van die Universiteit van Kaapstad (UK) het op 10 Augustus sy eerste sitting gehou. Die parlement vervang die studenteraad as die hoogste besluitnemende liggaam op kampus en sal voortaan minstens een keer per kwartaal byeenkom. Dit bestaan uit 65 lede wat die studenteraad, klubs en verenigings, fakulteitsrade, koshuise, sport- en ontwikkelingsorganisasies verteenwoordig.

## UOFS receives R50 million

THE University of the Orange Free State (UOFS) has received R50 million towards pharmacological research. The money will cover the total budget of the University's Unit for Pharmacological Research, which has an excellent international reputation, for the next ten years. The large cash boost came from the multinational chemical and pharmaceutical company Hoechst.

## Matrikulante kry Headstart

DIE Kaapse Technikon het in Augustus met 'n akademiese ontwikkelingsprogram vir meer as 120 matrikulante begin. Die program, wat as Headstart bekend staan, help leerlinge met hul voorbereiding vir die eindeksamen en stel hulle terselfdertyd bloot aan 'n tersiêre instelling. Dit word aangebied deur lektore en assistente van die technikon, en sluit klasse in Wiskunde, Engels en basiese rekenvaardighede in.

## Sonder kos of water in myn

TWEE studente wat vir 23 dae in 'n nikkelmyn in Pole vasgekeer is, het oorleef sonder kos of vars water. Hulle was 20m diep onder die grond en kon weens stukkende toerusting nie uitklim nie. Deur sy die hoë humiditeit en water wat hulle uit die mure en die vloer kon kry, kon hulle amper 'n maand in die myn aan die lewe ge-

# BRIEWE

Enige student kan 'n brief aan Die Matie rig. Die adres is: Die Meningsredakteur, Die Matie, LSS, Banghoekweg, Stellenbosch, 7600. Die Matie behou die reg voor om briewe vir publikasie te redigeer. Briewe kan onder 'n skuilnaam geplaas word, maar die skrywer se volle naam en adres word steeds verlang.

## Guts and honesty

**Angelique du Toit, Stellenbosch, writes:**

I have always admired people with guts. Real, blood-pumping, mighty, meaty guts. I am not referring to pimple-free machos who hang around in gyms and swim across oceans to save girls on inflated lilos. I am also not talking about those suave, self-assured, self-contained men who never trip, who run their worlds with masochistic self-discipline, whose speech consist only of cynicism and one-liners and who illustrate their valour by watching rugby. (These are the true wimps who deserve all the humiliation they are so afraid of.)

A person with guts is someone like my personal heroine, Tori Amos, who can lay open 90 minutes of her most intimate soul on tape, sell it to millions and then talk about it on radio. Being strong has something to do with exposing yourself and being able to face the humiliation. A person with guts is a lesbian who climbs onto a stage and delivers a piece of prose about her own sexuality. It is someone who paints a naked study of his dead father and puts it up for all the world to see. Not all of us are artists and most of us uncultured plebs acknowledge this fact without too much pain. But let us not deceive ourselves by thinking that all the baggies on confidence hang around the art and drama departments. Even "Uncle Ben heavies" may be able to display a bit of character if it wasn't for F.O.B.S !

Society is inflicted with a nasty disease called F.O.B.S- Fear of Being Soppy. What, I cry to the blood-drenched sky, is wrong with basic feel-good emotions AND (even worse)...telling others about it? OK, granted, if someone greeted me on campus with a casual "Howzit" and I fell, sobbing, to the ground crying "I am so unhappy and so depressed, please help me get through this day!" I would be overdoing it a tad. But I wish people would tell each other that they like each other without having to run off and hide in isolation for two weeks waiting for the embarrassment to wear off.

Why is it that so many people buy their personalities in bottle stores? I admit, we all have had our bit of fun with a bottle of Tas where the wine simply takes over and tells all. And if a boy wants to confess his love to a girl with a beer label sticking to his forehead, that's OK by me. But honestly, there are some people who cannot function socially and be nice without a drink in the hand and at least four in the bloodstream.

On the other side of the crumbling cookie, why do we accept so much abuse from other people? Wouldn't it be nice if we could all stop fawning those we secretly hate and confront this misuse. Let's all stop being nice to bitches who impress us simply because they run the show. And let's be honest about the one whose only merit is his father's status.

One day I am going to say to someone: "You know, I don't think I like you much" and really mean it.

## Helshoogte eet nie

**Jaco Smith, Primarius Helshoogte Manskoshuis, skryf:**

Vir wie dit mag aangaan: 'n verduideliking vir die optrede van die inwoners van Helshoogte Manskoshuis tydens die aandete van 18 Augustus 1994.

Die optrede hou geen verband met die spesifieke ete nie, maar weerspieël die frustrasies van inwoners wat betref algemene probleme wat ondervind word ten opsigte van die kwaliteit van kos en die groot frustrasie rakende die prosesse van besluitneming rondom studentesake. Die inwoners voel dat daar nie aan hul klagtes aandag gegee word nie. Dit is veral sake soos die volgende wat ons ontevrede stem en wat bygedra het tot die aand se optrede:

Die standaard van diens wat gelewer word, is totaal onbevredigend. Daar is ook, op enkele uitsonderings na, feitlik daagliks tekortkominge ten opsigte van kwaliteit, hoeveelheid of blote weglating van items op die spyskaart.

Met gedurige wegbly-aksies van personeel en 'n stelsel wat dit vir personeel moontlik maak om gedurig afwesig te wees, word die kwaliteit van skoonmaakdienste en kosvoorbereiding erg geknou. Hierdie stelsel maak nie voorsiening vir verlaagde tariewe nie, maar laat slegs frustrasie agter.

Hierdie optrede is nie 'n persoonlike aanval op enige individu nie. Dit is 'n uiting van ons gevoelens teenoor die stelsel, waarin die student se insae klaarblyklik verontagsaam word. Die beginsel is dat ons 'n diens van 'n aanvaarbare standaard verlang. Ons sien die aand se optrede as 'n eerste poging tot die verbetering van hierdie diens. As daar versuim gaan word om gepaste stappe te neem, sal ons as inwoners ons wend tot verdere optrede van 'n meer impakvolle aard.

Die kos wat nie geëet is nie, is op versoek van die Helshoogte Kerkraad aan minderbevoorregtes geskenk met die toestemming van die Huiskomitee.

## Conserve music students

**Andrew Beck, Stellenbosch, writes:**

It might interest you that the music students have repeatedly petitioned the University for a card system to improve their practising hours.

After years of claiming a lack of funds for such a scheme, the University has at last installed a card system- but it is strictly reserved for use by the staff. (Many thanks to the SRC for representing the students on this issue.)

But now both staff and students alike are facing a breath-taking new absurdity: They are suffering a variety of serious respiratory complications due to an ineffective ventilation system that can only be repaired when funds are available.

While most students acknowledge that the form of their music education is essentially that of "hot air", they never the less insist that it should be taught to them in an environment of freshly-circulated oxygen.

At present the Conserve is a health risk. The University must recognise this fact and take responsibility for the medical complaints of those affected.

I also challenge the Rector to spend one day in the Conserve without suffering any symptoms of suffocation.

**BRIEWEBUS:** Mnr C.G van Wyk: Skryf liewer vir die Parlement.

# KAMPUSMENINGS

## Wat sal jy doen as jy op die SR kom?

Deur Gisela Marx

Foto's: ALWYN VAN WYK



Porctia Fourie



Juan Clarence



Izel Theunissen

**Peter Francis**
Have a party.
**Francisca Esben**
Ek sal begin om die geboue se name te verander.
**Jaco Terblanche**
Ek sal die SR tot niet maak.
**Belinda Nel**
So min as moontlik papierwerk doen.
**Marina Libra**
Ek sal dope legalise en dan bedank.
**Louis Stockigt**
Ek stel nie eintlik belang nie en ek het nog nooit vir hulle gestem nie.
**Izel Theunissen**
Beslis meer parkering skep.
**Porctia Fourie**
Ek sal weer kondome in die eerstejaarsuitgawe van *Die Matie* sit.
**Juan Clarence**
Ek sal menseverhoudinge en vriendelikheid bevorder en die suckers wat klas bunk, nail.
**Yvette Robyn**
Ek wil in die eerste plek nie daar wees nie.
**Louis Wiese**
Baklei vir laer studentegelde.
**Tertia Frick**
Ek is te oud vir die SR.
**Niell Coetzee**
Selfmoord oorweeg.
**Angerie van Wyk**
Ek sal die res van die Universiteit 'n bietjie bewus maak van die Drama Departement, want ons is mos outcasts.
**Hugo Theron**
Ek sal die Danie Craven-Stadion een van Sting se venues maak.
**Christoffel Snyman**
Ek sal weer soos 'n student word en van my troontjie afklim.
**Schalk Liebenberg**
Ek sal vir Jesus staan, nie vir humanisme nie.
**Delmaine Spies**
Ek sal 'n Akker-periode probeer inwerk en Calvin en Hobbes as voorgeskrewe boeke voorskryf.
**Lucino Chalice**
If I were a leader, I would try to integrate the students and get the activities going. Everyone is so for himself over here.
**Jenny-Lynn Wilson**
I would cancel all chemistry practicals.
**Billy Lilly**
My polse sny.
**Leon Dippenaar**
Die Here se naam grootmaak.
**Lucy Dickson**
Ek sal die vrouekoshuise se besoektye verander sodat mansbesoekers die hele tyd daar kan wees.
**Leanna Dreyer**
Ek sal al die tamatiesous op Stellenbosch upgrade.



Schalk Liebenberg



Francisca Esben



Billy Lilly

## Pasteie, plakkate en SR steek eendag-onnie dwars in krop

**Verkiesingsplakkaat en Scoreskiet-en-wonder, Stellenbosch, skryf:**

Die SR en Die Matie is albei legitieme teikens op die kampus en my pa sal dus nie sy werk verloor as my identiteit bekend gemaak word nie. Nogtans verkies ek 'n skuilnaam, want onderwysstudente moet ook eet.

Die SR-verkiesing is net om die draai en al die politici op kampus is hard besig om hulself te bemark.

Daar is egter een klein probleempie. Die meeste verskiesingsplakkate is eentonig, vervelig en het omtrent net soveel aantrekkingskrag soos 'n gemufte spinasie-en-feta pastei.

Dit geld nie net vir foto's van die room van ons volk nie, maar ook vir onderskrifte soos: "Stem reg, stem ****", of "Wen met ****". Mense, is julle nou mal?

Verkiesingsplakkate soos dié mors geld en papier. Ek dink die meeste kandidate besef nie eens dat hulle op 'n studentekampus is nie.

Om jouself te bemark en stemme te trek, moet jy 'n plakkaat maak waarna mense kan kyk en sê:"Hel, dis nou oorspronklik, kom ons stem vir hierdie persoon."

Nou sê hulle eerder: "Die ***** SR is deur die ***."

Die meeste studente op hierdie kampus soek 'n studenteraad met inisiatief. Hulle wil mense hê wat kreatief kan dink en probleme kreatief kan oplos. (Soos ek, byvoorbeeld. As ek net nie so baie puisies gehad het nie...)

Nie 'n klomp CV-jagters wat in hulle Ruiterwag/Jong Dames Dinamiek uniforms op eentonige verkiesingsplakkate paradeer nie.

Ook nie die klomp wat hulle pad deur die tradisionele Nasionale Party studentevoorsitter/Debatsvereniging Superseun/third time lucky HK-lid/almagtige beroepstokkelok/Ken Mullan haarstyl-agtige sosiale Vaseline-produserende SR-worsmasjiene deurgemaal het nie.

O ja, amper vergeet ek.'n Verkiesingsplakkaat sê nie regtig iets van die persoon wat daarop verskyn nie. Of doen dit?

## Mooi so, Matie

**Prof L.G. de Stadler, Departement Afrikaans en Nederlands, skryf:**

Op die gevaar af dat lesers van hierdie koerant sal sê "Ag, hy's ook maar net bekommerd oor sy ou werkie", wil ek u tog bedank vir die standpunte oor die behoefte aan groter taaltrots by Afrikaanssprekendes in die hoofartikel van 11 Augustus 1994. U raak inderdaad 'n probleem aan wat dringend aandag verdien. *Die Matie* verdien dan ook lof vir die feit dat hy die probleem so netjies, en met die nodige durf, aangespreek het.

## SR-veldtog mors papier

**Groen en gelukkig, Stellenbosch, skryf:**

Dit is met absolute skok dat ek verneem het dat daar vanjaar wéér 'n SR-verkiesing gaan wees.

Komaan, hulle mors net tonne papier en energie wat die wêreld nie kan bekostig nie. Viva die groenbeweging!

**Die Matie**
Redaksionele Kommentaar
DONDERDAG 25 AUGUSTUS 1994

# *Stop die SR...*

GRAFFITI het dié week op stoptekens op die kampus verskyn met die woorde "Stop die SR - moenie stem." daarop geverf. 'n Mens kan nie die beskadiging van openbare eiendom goedpraat nie, maar terselfdertyd is daar beslis meriete in dié boodskap.

Die enigste goeie rede om vir die SR te stem was om seker te maak dat die vyf of ses méés nuttelose kandidate op die lys darem nie die spreekwoordelike paal haal nie. Selfs dít oortuig nie meer nie.

Wat is die Studenteraad? Dit is eintlik maar net twaalf studente wat, danksy die feit dat sowat dertig persent van die studente-unie vir hulle gestem het, die reg verkry om die SR-subsidie, wat Admin aan hulle betaal, aan verskillende verenigings, klubs, komitees en projekte toe te deel, na goeddunke.

Hulle mag is beperk tot wat hulle met dié geld kan doen. Selfs die SR-lede met goeie bedoelinge en werklike toewyding (en daar was vanjaar weer 'n paar van hulle op die SR) kan nie veel uitrig nie. Boonop verdien hulle gesamentlik bykans R50 000 aan honoraria.

As ons stem, legitimiseer ons net weereens 'n magtelose instansie. Stop die SR. Moenie stem nie.

# *Só dien ons goeie naam*

DIE MATIE word weereens verkwalik dat die Universiteit se goeie naam in gedrang gebring is deur die inhoud en styl van ons beriggewing oor doeppraktyke, hierdie keer by Huis Marais.

Die aanklag dat die beriggewing oor die onderwerp "sensasioneel en oordrewe" was en dat "foutiewe beriggewing waarskynlik net soveel skade aan die Universiteit se goeie naam aangerig (het) as die ongelukkige doopinsident self," is eenvoudig nie waar nie. Die Matie staan by die inhoud van die oorspronklike berig.

Twee botsende belange is hier ter sprake: die belang van die Universiteit, naamlik om 'n beeld te projekteer wat dit aantreklik maak vir voornemende studente en donateurs, teenoor die belang van individue, wat die slagoffers is van moontlike dopery.

Die Matie heg groot waarde aan beide, maar die korttermynbelange van die Universiteit mág nie voorrang geniet bo die belange en regte van individue nie. Op die lange duur word die reputasie van die Universiteit die beste gedien deur wanpraktyke bloot te stel en oortreders behoorlik te straf. Sodoende kan 'n herhaling van die gebeure nie net voorkom word nie, maar kan die Universiteit 'n reputasie bou vir deursigtige bestuur en respek vir die regte van individue.

Die Matie verwelkom die relatief swaar strawwe wat hierdie keer aan die oortreders opgelê is. Dit is egter nog steeds onduidelik presies watter vonnisse opgelê is. Volgens die mediavrystelling "varieer" individuele boetes vanaf R250 tot R800 en skorsing uit die koshuis.

Wat egter meer onrusbarend is, is die stelling dat "toekomstige oortredinge van hierdie aard ongetwyfeld meer drastiese optrede tot gevolg (sal) hê." Hoeveel "kanse" moet die oortreders nou nóg kry?

Dis ook sterk te betwyfel of die skuldiges in Huis Marais enigsins gestraf sou gewees het, as Die Matie nie daaroor geskryf het nie. 'n Mens wonder dus hoeveel koshuise het weereens vanjaar "weggekom"?

# Kampusquotes

**"Die feit dat daar borde rondgegooi word is 'n Wilgenhof tradisie wat elke middagete plaasvind."**
- SR-kandidaat Strauss Viljoen, tydens bekendstelling in Gaatjie.

**"Hier is so baie van julle wat afwesig is."**
- Laurie Terblanché, SR-kandidaat, by dieselfde geleentheid.

**"Die Tygerbergse SR is gesond. Kom ons maak die Stellenbosse SR nóg gesonder."**
- 'Dr' Dawie Slabbert, wat met 'n stetoskoop en 'n wit doktershempie by die SR-bekendstellingsirkus opgedaag het.

Question: **"Come class, what is the meaning of patronising?"**
Answer: **"You, asking us what the meaning of patronising is."**
- Question and response during English lecture.

**"Die dag was 'n reuse-sukses, ten spyte van die feit dat so min HK-lede op die ou end saamgegaan het, en dat die boot in die middel van die dam gesink het."**
- SR-lid Wilna Zaaiman oor 'n skakeling tussen die Sportkomitee en HK-lede vir Sport.

**"Tog is ek en mevrou Burger** (van Uskor) **dit eens dat die Uskor-portefeulje basies onnodig is."**
- Huidige SR-lid vir Uskor, Jan van Zyl, in sy jaarverslag.

**"Daar is 'n vigsbewustheidsprojek beplan vir die tweede kwartaal, maar as gevolg van die hele kondoom-debakel rondom Die Matie, was Sosius nie seker of dit wenslik sou wees om so gou daarna weer in 'n 'kondoomkwessie' betrokke te raak nie, en dis beslis onmoontlik om iets oor vigsbewustheid te reël sonder dat kondome weer genoëm sou word."**
- Carol Johnson, huidige SR-lid vir Sosius, in haar jaarverslag.

**"Party studente is al soos ornamente in De Akker."**
- Student wat almal in die kroeg herken het.




"Gee hulle brood en gee hulle sirkusse."

# Admin se (nuwe) SaamRyer[s]

*Gee my 'n S!*
*S!!*
*Gee my 'n R!*
*R!!*
*Wat kry ons?!*
*NIKS!!*




Lente is hier, swaeltjies, wat in Europa 'n tan gevang het, kom terug en studente staar weer vreemde weird dinge aan. Maar dis nie VVV (Vreemde Vlieënde Voorwerpe) nie; hier word ons kweekhuisie met KKK's (Korrupte Kruipende Kandidate) en hul kollektiewe clichés vervuil.

Ons aangewese SR-lede, wat met hul "vriendelike aanslag" stemme van enige iemand én enige iets probeer soebat, is egter 'n mors van goeie partietyd. Komaan, almal weet die SR het soveel mag soos die US Werknemersvereniging, naamlik zero, zippo, nul, zilts, boggerall, nada. Hulle is beide net verlengings van Admin se "demokratiese" arms (Passievolle Polwet-intellektuele verwys graag daarna as koöptasie - haal die deelteken weg en dit sê al's).

Kandidate werk in iedergeval met die klassieke staan-sit-lê strategie. Hulle staan vir SR, sit vir "belangrike" voorstelle....en lê die res van die tyd op opgedateerde kopieë van hul CV's en doen amper niks nie.

**Ek sê, my bra, moenie net bitch en kla**

Maar dit help nie om hulle, Admin, die regering, apartheid, duurder drankpryse of die sosiale krisis in Wes-Mongolië te blameer vir die SR se gebrek aan mag nie. Dis ons, slapperige studente, se eie skuld. As ons werklik 'n insae wou hê in belangrike sake soos die manier waarop geld deur Admin "aangewend" word, die toelatingsvereistes, klasgelde en eksamineringsproses, sou ons lankal 'n paar optogte, betogings en toyi-toyisessies gereël het.

Klink dalk na outydse metodes, maar ongelukkig lyk dit na die enigste manier waarop "magverskuiwings" in SA kan plaasvind. Admin is immers verskriklik gevoelig oor die US se "hoogheilige" beeld. Enigiets, soos ontevrede studente wat plakkate omhoog hou en deur die media opgemerk word is geneig om vinnige reaksie uit te lok.

As ons wil hê dat Admin ons soos 'n klomp kinders regeer, dan is dit sekerlik ons reg. Maar ons moet ten minste weier dat die SR toegelaat word om 'n skyn van deelnemende besluitneming te verteenwoordig.

Dis boonop 'n mors van derduisende rande (geskenk deur ons). As die SR en HK kandidate soveel "voel" vir die universiteit of koshuise, hoekom wil hulle betaal word?? Of strek die liefde (en CV) van die saak net nie ver genoeg nie? Daardie R49 000 kan veel beter vir beurse aangewend word, iets wat immers meer vir die universiteit se beeld gaan beteken as die hele SR saam.

**Oppas: sensasionele beriggewing voor**

Volgens Vader Christo was *Die Matie* se beriggewing oor die doopdinge by Huis Marais "sensasioneel" en nie heeltemal akkuraat nie. Slaan my dood! Wat verwag onse Admin as HULLE toelaat dat oriëntasie in die geheim geskied? As Admin en die koshuise "niks het om weg te steek nie", waarom weier hulle dat onafhanklike mense die oriëntasieproses monitor - soos verlede jaar reeds voorgestel is?

**Oppas: selfs meer sensasionele beriggewing voor**

Gepraat van eerstejaarspret, jare lank al krap wetenskaplikes hul koppe om die "eerstejaarsindroom" (die feit dat soveel eerstejaarvrouens gewig optel) te verklaar. Die nuutste teorie is dat dit nie verband hou met eet nie, maar wel met 'n ander basiese menslike behoefte (wat, bygesê, volgens amptelike beleid nié hier plaasvind nié). Ja, die antwoord op die geheim is.......Die Pil. Dít is die vreemde ding wat tot daardie ekstra (veilige) kilogramme van die studentegemeenskap aanleiding gee.

**Hier kom 'n kontrak!**

Die Kunsdepartement het nie net
verouderde toerusting nie, ma
lyk asof sommige van hul do
ook 'n nuwe lagie verf kort. Hi
week het een van hulle weereen
pre-modernistiese idee gehad o
studente te versoek om kontra
onderteken waarin hulle "oo
kom" om tydens sekere tye in s
te wees. Al probleem met dié
tiewe plan?.....slegs ses student
teenwoordig!

En dan wonder mense waar
erskole na meer volwasse inst
as die US begin lyk....

**Studente en 'n kos: 'n wêreld**
**stryd om oorlewing**

In Pole het twee studente o
vir 23 dae sonder kos en vars
oorleef nadat hulle in 'n myn
keer is. Nou skiem hulle skie
is 'n rekord vir studente. Ja
manne, maar agter die drui
dyn is daar sommige (kos)hu
dente wat al vyf jaar slegs a
lewe bly deur hulle tot dra
wend. Die onlangse voorval in
hoogte waar inwoners gewe
om die "kos" te eet, bevestig
net die nare spysverteringsp
me.

Hulle is egter nie alleen nie
gens die Universiteit van Na
tydskrif *Focus* het plaaslik
niers vinnig opgehou om "
British" kos te bedien nadat
van "kosdiskriminasie" bes
is. Een van die koshuisspysen
die dae toe hulle kos kon bedie
die woorde "hou daarvan of lo
is lankal verby. "In die nuwe
Afrika sal dit 'n bloudruk
ramp wees." Sê hulle.

**Vrae wat ons nog altyd te**
**was om te vra...**

* Ly die Sielkundedepart
werklik aan Homofobia of ma
le net asof hulle daaraan ly?

* In watter eeu gaan Goldf
Wilgenhof deel raak van die
us?

* Waarom het die Studente
moederskamer?

* Hoeveel van die admini
personeel was in Paul Roos
* Wat was eerste: Wierook
ga?

* Is dit waar dat Dok Pool
se rugbyafrigter gaan bedank
Louis bibber-en-beef Luyt
maak?

* Hoeveel mense is al dood
BJ-hysers?

* En kan iemand vir ons
die oorspronklike doel van
versiteit was?

Die Opname - nog 'n kortverhaal
p III

Dag & Nag
DONDERDAG 25 AUGUSTUS 1994

Generation X and reality
p II

# Trippel op die Moeder se maag

**WAT doen jy as jy op eg Suid-Afrikaanse wyse musiek van die mense, vir die mense, deur die mense wil hoor? 'n Maklike, boonop kleurvolle klap na 'n hele klompie vlieë, is net 'n halfuur weg. ADRIAAN BRAND en ALBERTUS VAN WYK (met Jeanne Labuschagne en Ameida Brand vir ekstra kleur) het op die Moederstad se musikale maag gaan trip(pel).**

KAAPSTAD is 'n plek wat pols met die klanke van vermakers in haar strate. Hulle dra die ware gees van die stad, want vir die toevalligste bietjie geld is hierdie vermakers bereid om hul liedjie van die lewe te sing, te speel of te spring.

"You check my vibe?" Hadji en Hathi van die Roots Rockers sê hulle *connect* net so 'n bietjie by Groentemarkplein en nooi almal na hul *gig* by Wallace Dean-plakkerskamp.

Foto's?

"Sure," en hulle laat waai met, soos hulle dit stel, die *natural* en *fake pose*.

Groentemarkplein hou beslis die hart van die Kaapstad-klanke tussen sy urinebevlekte paaltjies vas. En die boodskap is duidelik: Kom speel saam!

Jy loop enigiets van die nou reeds bekende panfluitman tot Amampondo by Cycles on the square raak as dinge regtig begin kook; sien hoe klossies *buskers* al ander aan mekaar staan, elkeen sy eie taal praat en wysie byweef.

Miskien is vandag die dag van die ryk toeris in 'n goeie bui? "Die geld is maar baie skaars," laat hoor 'n klarinetspeler voor hy voortsit met sy weergawe van die Kenny G-klank. Twee of drie Xhosa-kore, reeds hees, gee nog die laaste bietjie: *Unity is peace.* Kinders dans om die beurt 'n volstruisstorie, net die beste vir 'n kamera.

'n Bietjie verder af, in St George's Mall, is die stad se maag geensins stiller nie: dansers en akrobate van ontwikkelingsprogramme in Khayelitsha doen gereeld die ratse ding en laat weet wie kyk, moet betaal ook. Marimbagroepies hamer hul eie fusion van gospel en Afrikafolklore tot 'n hartseer relaas van die straatstorie, of soms 'n gejubel oor die lekker lewe en goeie tye.

Ntsingani van Nyanga, 'n ou *regular*, wys na sy geldkissie en tel sy musiekbroers in vir *Clicksong* van Miriam Makeba. Ook foto's kos geld, laat hy skaterend hoor. Dit is sy *fool-proof* oorlewingstrategie: praat met die mens wat verby jou stap, laat hom lag, dis jou werk, hy betaal jou. Dis nie net van sing en speel nie, maar ook van *salesman* wees, van *happy* wees, en van waghou oor jou sente voor die diewe dit gryp.

Op pad na die stasiemark, is dit onmoontlik om vir Arton met sy kitaar onder Adderleystraat mis te loop. *Like a bridge over troubled waters*, laat hy ironies hoor, en glimlag oor die sente. "S'ok ma min, ne," kom dit van 'n nuuskierige vriendin wat in sy geldboksie loer.

Die stasie is 'n plek van ongereelde vermaak. Op goeie dae sien jy solo-*buskers* by dosyne, selfs nou en dan 'n versameling Hare Krishna-dreunsangers met hul mantras en broodbolletjies. Ander tye is die *ghetto-blaster stand* die naaste wat jy aan 'n klank wat na Kaapstad proe, gaan kom.

Die mense van hierdie strate laat jou dans as jy gekom het om te trippel. Al raak hulle moeg van sing vir 'n stad met so 'n wispelturige hand. Die toekomsstorie lyk donker: as jy dans op die Kaapse verhoog, sit jy 'n onknusse gaatjie in die groot saamleef vol. Jy moet hard kompeteer vir jou plek in die kalklig van hierdie teater. Maar een gedagte bly staan: as die son skyn, skyn dit warm.

Die pad huistoe loop verby 'n musiekwinkelvenster met Roger Waters op die vertoonskerm. Kompers bel in en praat oor probleme, probleme: die *holocaust* is niks anders nie as bloot 'n reusagtige verhooglig wat in stilte blaas...









Hadji en Hathi (in hul "natural pose") van die Roots Rockers, besig om op Groentemarkplein te "connect".

Foto's: ALBERTUS VAN WYK

# Gallery Café redefines class-bunking and caffeine

By Keith Bain

LESS than impressed with the sad tedium of 8 to 5 classes? If the answer is "yes", then get yourself down to *Gallery Café*, which has redefined Stellenbosch's understanding of class-bunking and day-time entertainment.

More than a coffee shop, *Gallery* is "rustigheid" *par excellence*, with what is certainly one of the hottest vibes in town. Just the place to get over the after-effects of the night before.

Owner-managers, Len, Chris and Peter give their own unique rhythm and energy to the student style hang-out which has, in a few short weeks, become synonymous with low prices and intriguing art-decorated walls.

True to gallery tradition, these art objects are for sale to those who visit with more money than just enough for a mug of coffee in their wallets.

Newspapers, cards and, of course, backgammon add that addictive European flavour, while the hustle and bustle of ever-moving customers and coffee pots offering "more caffeine" never fail to ignite a feeling of warmth and an atmosphere of feverishly laid-back relaxation.

Although it has become increasingly difficult to obtain an open table, don't dispair. You are bound to meet a familiar face there.



*Gallery* offers coffee at R1.50 a cup (or R2.00 a mug), and its "mind-altering beverages" include rum and hot chocolate, Irish coffee, and whoffee (whiskey and coffee). Open from early till late, *Gallery* serves breakfast from as little as R7.00, and light meals are served throughout the day. Menu favourites include quiche, pies and tastily-filled spuds, as well as well-priced sandwiches and a choice of vegetables and salads.

For those worried about the ever decreasing waistline, there's always the decadent alternative of scones with jam and cream.

The *Café*, situated at No. 1 Crozier Street (where *Waldi's* used to be), is available for bookings and functions.

If you haven't yet experienced the hypnotic pulsating rhythms of Stellenbosch's latest festive hang-out, then get yourself down to *Gallery Café*. This venue has done for Stellenbosch's daytime what De Akker has done for its nightlife.

JY KAN DIE WÊRELD SIEN SONDER OM 'n FORTUIN TE BETAAL DEUR ONS TE SKAKEL

As jy jonk en onafhanklik is, skakel SASTS Dial-a Flight lyn. Jy sal 'n fortuin op vlugkaartjies bespaar na honderde bestemmings wêreldwyd -
**Kaap - Londen R1460 enkel.**
Met ons aanpasbare kaartjies kan jy jou reisdatums, bestemming of jou lugredery verander en selfs jou kaartjie vir langer as 'n jaar verleng. Jy kan dus doen wat jy wil - wanneer jy wil.
Dis wonderlik om jonk te wees!

SASTS
FOON (021) 418 3799

# Generation X takes a bite of reality




**FILM REALITY BITES**
**DIRECTOR Ben Stiller**
**STARRING Winona Ryder, Ethan Hawke**

By Carla Hüsselmann

HAVE you ever thought of life's reality as "a random lottery of meaningless tragedy and a series of near escapes"? Have you ever agonized over "30-year-eternity jobs"? Director, Ben Stiller, and screenwriter, Helen Childress, delve into these realities in their movie, *Reality Bites*.

This is a romantic, off-beat comedy dealing with the lives of four "slackers" (and a yuppie-scum-die character) who are faced with their insecurities about the responsibilities and duties of approaching adulthood. Their tribulations include Aids, gayhood, the Big Love, sex, relationships, careers – daunting, isn't it?

Lelaina Pierce (Winona Ryder) is a wanna-be film-maker who refuses to sell-out to the "rat race" of BMWs and cellular telephones. She is looking for love (aren't we all?) and meets up with Michael Grates, a smooth television executive (the yuppie-scum-die character played by the director, Ben Stiller).

In awesome contrast to the yuppie, we are introduced to Troy (Ethan Hawke) who is a chain-smoking, slouch guitarist with a taste for Descartes. Troy is a symbol of the "lost generation" with genuine apathetic angst and his laid-back attitude coupled with his intense ironic quirks concerning human existence.

Hawke smoulders his way through the film with his intense portrayal of frustrated youth and all the aggression associated with it. Janeane Garofalo hilariously portrays a promiscuous "slacker" (66 lovers!) and outshines Winona Ryder.

The soundtrack is wonderfully hip with music from Dinosaur Jr., Crowded House, Lenny Kravitz, Squeeze, Sepultura and Juliana Hatfield.

One could be jaded and see *Reality Bites* as just another grunge-cum-slacker-cum-Generation X angst film, but in truth, it is a bold questioning of our realities. ★★★

# Kinkelrige kroeks

**FILM MAVERICK**
**REGISSEUR Richard Donner**
**MET Mel Gibson, Jodie Foster, James Garner**

Deur Adélle van Wyk

OP pad na die pokergame van die eeu, in die hartjie van 'n snikhete Wilde Weste-somer, verskyn drie professionele fortuinsoekers: die dief, die diefin en die derde faktor. Nie een van die drie vertrou een van die ander op enige stadium nie, en met rede.

Jodie Foster is die een wat die kat in die kamer knyp, en terwyl haar oë en haar lippe min of meer oorkant die held s'n is, vind haar geoefende lang vingertjies die kortste pad na hul bestemming: sy welbedeelde beursie. Sy is 'n getrefde voorbeeld van hoe 'n vrou lyk wat as 'n man se gelyke behandel word, en ek wil net sê: Emansipasie is nie perdesteel nie. Haar aksent trek so nou en dan die aandag van haar halslyn af, maar ek belowe niks.

Maverick (Mel Gibson) se potensiële geluk lê tussen die A en die K en die res van die geld wat hy kort om aan die korrupte kaartspel te kan deelneem. Gaan kyk gerus hoe hy die storielyn al langs die pad knoop en weer ontknoop. Dit is regtig nie jou tradisionele held-skiet-skurk-om-liefdesontwil nie.

James Garner sorg vir nog kinkels in die kabel en nóg skerpsinnige, skietende vermaak. Tussen die drie van hulle gebeur daar magic en hulle tower 'n einde op waarvan Hollywood meestal net droom.

*Maverick* is 'n skiet-, steel- en kroekspul en hoe fyner 'n mens dit dophou, hoe minder sien jy. Dis heerlike kykstof vir diegene wat suf-gesoek is aan die Diep Simboliese en die betekenis tussen die lyne. Dis sommer net 'n nice film met 'n slim einde en drie akteurs wat wéét wat om voor 'n kamera te doen. ★★★

## MATIE MOVIES

By Nicola J Smith

### WOLF

Although Jack Nicholson and Michelle Pfeiffer make this movie a treat, neither really render Academy material. But it's nonetheless a worthwhile see. It finishes today, so fantasy freaks, don't miss this fairy-tale of passion, the desire-to-be and possession. ★★★

### GUARDING TESS

Rather an odd-ball combination of Nicholas Cage and Shirley MacLaine, well worth a look if one keeps in mind that the Yanks have no royalty and they feel compelled to treat somebody as "special". ★★★★

### BEVERLY HILLS COP 3

Yet another Eddie Murphy money-making venture; just a slight variation on the theme. A must-see for Murphy fans: If not a deep spiritual experience, you'll be assured the odd giggle. ★★

# Klavier sonder End(ler)

Deur Albertus van Wyk

DIE BINNEKRING van wêreldklaspianiste is klein en hoogs eksklusief. Anton Nel is deel daarvan. Na slegs twee jaar se musieklesse het hy op 12-jarige ouderdom sy opspraakwekkende debuut met Beethoven se C-majeur concerto in Johannesburg gemaak.

Sedertdien het hy reg oor die wêreld opgetree, onder andere in die Carnegie-saal en die Lincoln-sentrum in New York, die Queen Elizabeth-saal in London en ook as solis saam met die Chicagose Simfonie-orkes, die National Symphony (VSA) en die Londense Simfonie-orkes. Nel word deur die *Chicago Sun Times* beskryf as 'n "meesterpianis" en die resensente van die *New York Times* is gaande oor sy "voortreflike vertolkings".

Benewens sy konsertloopbaan is hy ook 'n toegewyde en talentvolle tutor. Hy het doseerposte aan die Universiteit van Texas en die Aestman School of Music beklee. Hy is tans professor van Klavier en Kamermusiek aan die Universiteit van Michigan in Ann Harbor.

Volgens Nel heg hy ewe veel waarde aan díe aspek van sy loopbaan as aan sy konsertloopbaan. Dit is merkwaardig as 'n mens in ag neem dat hy as pianis bereik het waarvan die meeste musikante slegs droom. Hy gee toe dat dit 'n unieke ondervinding is om voor gehore op te tree.

"Ek is versot op die verhoog...dit is wonderlik om absoluut seker te wees hoe jy die res van jou lewe wil deurbring".

Nel tree op 2 September om 20:00 in die Endler-saal op en sal werke van Beethoven, Debussy, Prokofiev en Liszt uitvoer. Kaartjies is beskikbaar by Computicket.

# Maties make UCT whine

By Keith Bain

IN true Matie fashion, the Stellenbosch Wine Culture Society last week kicked UCT's butt at the annual Intervarsity Wine Tasting Competition held at Nederburg Estate in Paarl. The event was just one of many brilliant activities which cram the Society's hectic yearly schedule, and as festive and entertaining as the evening was, the significance of the victory cannot be over-exaggerated.

The Nederburg sponsored event is a nation-wide competition which takes place on a regional basis, and is viewed as the prestige student wine competition in the country.

With over 250 members, and being the only campus society which has beverage consumption as a requirement, the Stellenbosch Wine Culture Society is, naturally, a raging success. Tours are organised to practically all Stellenbosch and other nearby wine farms, and trips to other regions are also arranged periodically. In fact, just such a tour took place this past Saturday, when a few of the Society's members had recovered in time to spend the day savouring the wines of four beautiful farms in Franschhoek. Set in some of the Cape's most lavish countryside, the farms of *La Motte, Haute Provénce, Chamonix* and *Dieu Donné* give rise to a range of superb wines. Tasting, cellar tours, more tasting and entertaining discussions with some of the region's foremost wine-makers (while tasting) made for an extremely enjoyable day, which was suitably polished off with a wine-and-champagne lunch at *La Pommier*. The trip proved that certain of the Society's outings are definitely not for the faint-hearted, and that healthy livers are essential to full club enjoyment!

Prospective members need not fear; the WCS does not harp exclusively on wine-tasting, and its activities do stretch in a number of other directions. These include a yearly ski-trip, which is held during the July vacation, and a brandy-tasting at Backsberg. which is scheduled for early in September. The yearly opening function and the AGM are also fantastic social occasions, and are always complemented by a serious range of very drinkable wines.

The simple fact is that wine-drinking lurks at the top of every member's agenda, and seeing as we are in the heart of the vinelands, who can blame this group for its ardent devotion to Bacchus?

Cheers!






PROMOSIE

# CLASSIX ON CD

**CLASSIX on CD**, algemeen bekend as die ánder musiekwinkel op Stellenbosch, vier hierdie maand hul eerste ses maande van suksesvolle besigheid.

Hulle spesialiseer in minder algemene musiek, wat jazz, blues, klassieke musiek, Sewentiger rock en moderne alternatiewe musiek soos U2 insluit. Die winkel spesialiseer verder in eksklusiewe en veral ook skaars musiek; hulle behoort amper alle moeilik bekombare musiek, byvoorbeeld Sinead O'Connor en Elvis Costello, vir jou in die hande te kan kry.

Volgens die eienaars, Kingsley en Margueritte, het **Classix on CD** ongekende groei in die afgelope ses maande beleef. Hul bied nou 'n baie groter verskeidenheid as ooit aan hul kliënte en nooi alle musiekliefhebbers om hulleself te kom oortuig van hul uitstekende pryse. Daar is tans 'n spesiale aanbieding op meeste van hul musiek met pryse vanaf so laag as R15 vir kasette en R25 vir kompakskywe.

Die eienaars is albei musiekkenners en -liefhebbers en poog gedurig om hul voorraad te verander en te verbeter. Hul het onlangs 'n luister-fasiliteit beskikbaar gemaak aan kliënte, sodat dié met oorfone na musiek kan luister voor hul dit koop. Hierdie fasiliteit maak dit nou moontlik om al die vreemde en interresante klanke op hul rakke te vinde eerstehands te ervaar.

As jy dus 'n individuele musieksmaak het, en vind dat die groot winkelgroepe nie heeltemal in jou behoeftes kan bevredig nie, kom na **Classix on CD** - daar sal wel iets vir jou wees.

Classix on CD is in Andringastraat en kan by ☎ 887 45629 gekontak word.

Classix on CD - **Die ánder CD-Winkel**.

## Kunsuitstallings

**US Kunsgalery**

31 Aug-22 Sept: Departement Beeldende Kunste - Personeel

28 Sept - 27 Okt: Louis Jansen van Vuuren - skilderye en tekeninge

9 Nov - 24 Nov: Titia Ballot - grafiese werk

6 Des - 22 Des: Departement Beeldende Kunste - Graduandi

**SASOL Kunsmuseum**

7 Sept - 30 Okt: Beelde uit 'n vervloë Suidwes-Afrika

7 Nov - 29 Jan '95: Nuwe aanwinste 1994

# Die Opname - 'n kortverhaal

"DIE OPNAME" is 'n kortverhaal deur MICHELLE JOUBERT, tans besig met 'n Honneursgraad in Joernalistiek. Dié verhaal is op die kortlys vir Afrikaanse prosa in die SR se skrywerskompetisie. Die wenners word op 5 September by 'n funksie (slegs vir genooide gaste) in Rustic Café aangewys.

HULLE het gebel. Hulle sal vroeg wees. Ons vroeg is aguur, maar die blou bussie staan eers na tien voor die opstal geparkeer.

Die vrou het hulle ingenooi en nie eens name gevra nie. Hulle het nie voorgekom as baie gretig om hulself voor te stel nie. Een met 'n veelkleurige windjakker, op dun rooi spykerhakke, het haarself later voorgestel as Sunet. Haar boekie en pen was deurentyd byderhand vir die besonderhede. Sy skryf logisties name, vanne en ander triviale opmerkings in die boekie wat sy dan op haar skoot vasdruk.

Die kameraman sê die lig is te skerp op die wit kolle in die vrou se trui. Sy gaan trek 'n ander een aan.

Die kameraman kla oor die gebrom van 'n vrieskas in 'n nabygeleë vertrek. Die bestuurder van die bussie maak 'n paar deure toe en smoor die klank.

◆◆◆

NA die onderhoud is die vrou gereed om dit vir hulle te gaan wys. Die toerusting word weer in die bussie gelaai. Die kameraman nooi die vrou om voor by hom en die bestuurder te kom sit.

"Sit sommer jou voete op die dashboard," beduie hy terwyl sy ongemaklik inskuif.

Die vrou trek haar bene op en gee nie om vir die eienaardige posisie waarin sy sit nie.

"Is dit die pad?" vra die bestuurder wie se oë soos padda-ogies peul. Sy kyk stip na sy ronde oë en knik. Sy sien die skoolkoshuis se sagopoeding.

Hulle hou stil en die kameraman en regisseur gaan staan alleen in die wind. Die vrou klim ook uit en staan langs die bussie en kyk hoe 'n leë *Fritos*-pakkie by die deur uitwaai en tussen die rietpolle rondspeel.

"Johnnie, het jy die driepoot nodig?" kom dit later van die regisseur.

"Ja, bring maar Debbie."

Die ander vrou, met die plat borste en hoë stewels, sit en eet saam met die Sunet-vrou grondboontjies. Sy blaai skielik in 'n groot swart boek.

"20 - 12 - 13."

Die vrou met die plat borste skryf in drie stroke op die skoon bladsy nommers neer. Sunet bibber met die grondboontjies op haar skoot. 'n Koue wind waai by die agterdeur van die bussie in. Oor die radio blêr 'n onbekende radio-oproeper. Die bestuurder neurie vals saam en tel 'n *Garden & Home* by sy voete op. Hy lees 'n rubriek oor kruie en sing saam met Fairground Attraction: "Find my love, buy my love..."

"Jo'burg is calling me," sug die vrou met die plat borste. Sy trap met haar stewels teen die voorste sitplekke. Die kamera rol alleen in die wind. Sunet krap in die grondboontjies en die bestuurder sukkel om 'n sigaret aangesteek te kry. Die wind gee hom nie 'n kans nie. Die slierte hare oor die bleskol op sy kop is deurmekaar gewaai. Sy boeppens druk ongemaklik teen die stuurwiel. Die baseballhemp wat hy aanhet is duidelik 'n paar nommers te klein.

Die vrou staan vergete en kyk hoe die kamera die landskap inneem.



◆◆◆

DIE REGISSEUR en die kameraman laai die kamera en driepoot agter in die bussie. Johnnie skuif langs die vrou in.

"I found the place..." vertel die regisseur opgewonde terwyl hy sy hande vryf.

"Ons moet 'n pak kaarte koop," sê Johnnie.

Die bestuurder glimlag skelm. Sy oë is rooi. Die vrou vermoed dat hy die vorige aand te veel gedrink het.

"...dan speel ons strip poker."

"'n Paar outjies gaan vanaand verrassings kry," kom dit van Sunet.

"Die girls gaan surprised wees," glimlag die regisseur.

"Party van hulle gaan lank vat om te strip."

"As daar ooit iets is..."

"Wel, jy sal verbaas wees oor wat ek alles onder hierdie klere wegsteek," hoor die vrou Sunet sê. Sy mis die donker voorhuis tuis.

◆◆◆

"GEE daar 'n fokken light, Johnnie," brom die sigaretlus bestuurder terwyl hulle vir haar wag om uit te klim. Sy trek haar rok reg en bedank hulle vir die vinnige besoek.

"I wish I could fly," sê die platborsvrou. Sy wys na 'n formasie voëls bokant die bloekomboomtoppe.

◆◆◆

LAATMIDDAG stap die vrou die hele ent tot by die ruïne. Sy skrik vir die vreemde voorwerp digby die watertenk. Toe sy naderstap sidder sy van die wind. Die weerloosheid klou aan haar enkels. Sy voel asof sy uit die rietpolle dopgehou word. Nogtans gaan staan sy waar die voordeur was. Sy kom maklik die ritssluiter by en laat dit oopgly tot in die middel van haar rug. Die rok val maklik op haar voete.

Haar vingers huiwer oor die rooi hale en blou kolle op haar maag. Sy hou haar asem terug. Dan begin sy sing. Die onverstaanbare woordgebral gaan oor in 'n gil.

Sy draai haar kop om te sien of die rooi liggie van die kamera nog flikker.

# Hostages from hell

**FILM HOSTILE HOSTAGES**
**DIRECTOR Ted Demme**
**STARRING Denis Leary, Judy Davis, Kevin Spacey**

By Keith Bain

*HOSTILE HOSTAGES* is a stomach-stitchingly funny black comedy starring the hilarious talent of Denis Leary as a burglar who finds himself in a rather tender predicament when he takes a severely dysfunctional family hostage after bungling a burglary.

Packed with scathing one-line verbal attacks and comic social commentary, this movie becomes almost gruesome in its banal and rough-edged lack of taste. For the sake of a laugh, director Ted Demme has spared no moral or ethical expense, and the result is a plethora of darkly packaged quips, insults and high-pitched oral abuse.

Leary's troubles all begin when he is sprayed with the scent of cat urine while ripping off a wealthy mansion on an otherwise serene and reverend Christmas eve. When his alcoholic, idiotic partner departs without him, he is forced to takes hostages, and here his nightmare takes a horrid turn. His "victims" are a constantly bickering family of hostile and largely unlikeable misfits whose annoying nature soon becomes centered around the bitchy antics of a repressive mother-in-law. Thrown into the ensemble-from-hell, is an entrepreneurial black-mailing, juvenile delinquent son, a drunken, foul-mouthed Santa Claus, and a host of over-the-top caricature policemen whose incompetence is suicidally frustrating.

Interesting performances from a talented cast, give *Hostile Hostages* an enjoyable spark, despite a script which lags in parts and does eventually descend towards the irritating arena of sentiment. See this one for its claustrophobic, yet light-hearted entertainment value. ★★★(★)





# Marie-mites se koppe rol

*Head On - The Marie Antoinette Cabaret* is Lydia vom Hagen se jongste produksie wat op 2 September in die V & A Teater in die Waterfront open. Dié ontmaskering van al die mites rondom die omstrede vrou van Koning Louis XVI, is tot 24 September op die planke. Sandra Prinsloo het die regie behartig en Didi Kriel die musikale verwerkings. Die finale teks is deur Nataniël geskryf. Besprekings kan by Computicket gedoen word; daar is spesiale afslag vir studente en blokbesprekings.


IS U 'N TAALSTUDENT EN BESORG OOR U TOEKOMS?
SOEK U 'N HUPSTOOT VIR U LOOPBAAN?

Dan sal u beslis belangstel in die unieke reeks opsies van die

**STELLENBOSCH M.A.-KURSUS IN TAALWETENSKAP VIR DIE TAALPROFESSIES**

Hierdie tweejarige kursus het reeds talle taalonderwysers en -dosente, vertalers en teksversorgers, spraakterpateute kopieskrywers en ander professioenle taalpraktisyns toegerus met waardevolle insigte in taal. Hier volg 'n aantal van die opsies wat die kursus bied:

**Toelatingsvereistes**
'n B-graad in 'n taal of Algemene Taalwetenskap of Spraakheelkunde. Geen honneursgraad word verlang nie.

**Spesialisasie-opsies**
Taalverwerwing en -verlies, taalgebruik en -misbruik, taalverskeidenheid, taalstruktuur, taalafwyking, taalgeboorte en - sterfte, taal en mag, taal en geslag, taal en onderwys, veeltaligheid.

**Aard van Studie**
Voltyds of deeltyds.

**Metode van Onderrig**
Individuele begeleiding op kampus of afstandsonderrig. Aangesien die werk in die vorm van skriftelike opdragte gedoen word, kan u op enige plek in Suidelike Afrika woon terwyl u die kursus volg.

**Medium van Onderrig**
Afrikaans of Engels.

**Kursusvereistes**
Gestruktureerde opdragte en vier oopboekeksamens of gestruktureerde opdragte, twee oopboekeksamens en 'n mini-tesis.

**Koste**
Daar is 'n spesiale, verlaagde kursusfooi vir studente wat 'n relevante Honneursgraad het.

**Sluitingsdatum vir Aansoeke**
15 Oktober 1994.

**Vir volledige besonderhede skakel** : Dept. Algemene Taalwetenskap, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X5018, Stellenbosch 7599
Tel. 021 - 808 2010
Faks 021 - 808 2009







# Merkwaardige bundel oor dáárdie Aprildag

**BOEK**
**SA 27 April 1994**
SAMESTELLER **André Brink**
UITGEWER **Queillerie**

Deur Johan van Zyl

DIE hele euforie oor daardie lankverwagte sewe-en-twintigste dag van April is verby. Maar nou het lesers die kans om vyf en veertig skrywers se belewenis van, soos dit deur baie getipeer word, die merkwaardigste dag in Suid-Afrika se geskiedenis te herleef.

Die skrywers is uitgenooi en versoek om, soos die samesteller dit stel, "sonder die voordeel van nabetragting of agternawysheid" hul dagboekinskrywings van 27 April voor te lê.

Party inskrywings hardloop terug in die geskiedenis, heel logies sou 'n mens kon sê. Ander is gedigte of briewe. Die leser kan broei op Marita van der Vyver se eerste kaggelvuur, of Berta Smit se gebed. Of Dalene Matthee wat vir Nelson Mandela 'n stem belowe - mits hy natuurlik 'n lekker bommetjie stuur om die Hartenbosdam se wal op te blaas. En so deel elkeen maar 'n kamstige intieme detail van sy of haar sewe-en-twintigste dag van April in die jaar 1994.

**"I've only been standing in this queue for five and a half hours, and I've already moved 2,3 metres closer to the front. I'm definitely coming back tomorrow for more." - Gus Silber**

Die hoogtepunt van die bundel, as daar een uit te sonder is, is bo alle twyfel Daniel Hugo se "Die wit in die geskiedskrywing". Lemoengeure en ink verslaan. Persoonlike belewenisse is nie belangrik nie. Soos Hugo dit stel: "Maar in dié drie dae is die storie van ons geskiedenis vir goed herskryf."

**"Hierdie land se politici verdien wragtig nie so 'n wonderlike bevolking nie." - Breyten Breytenbach**

*SA 27 April 1994* is 'n merkwaardige boek en kan reeds as 'n klassieke werk beskou word. Dis ook geensins sonder gebreke nie. Maar was 27 April dan sonder gebreke?

# Bitterste bitter is steeds beskikbaar

DIE BITTERSTE bitter, *Bitterkomix*, asook die jongste toevoeging, *Gif*, is steeds beskikbaar. Dié breinkind van Anton Kannemeyer en Conrad Botes is verkrygbaar by UUB, Renaissance Artshop, The Gallery Café en die Kunsdepartement. Beide publikasies kan egter ook van Posbus 564, Stellenbosch bestel word.

*Bitterkomix 1* is ongelukkig reeds uitverkoop, maar die tweede uitgawe (R8), derde uitgawe (R10) en *Gif* teen R15 is nog beskikbaar.

Daar word reeds hard gewerk aan die vierde uitgawe van *Bitterkomix* wat teen die einde van die jaar behoort te verskyn.

★ Hiernaas verskyn voorbeelde van 'n reeks poskaarte wat te koop is teen R2,50 per stuk.










R2,00 DISCOUNT COUPON
on developing and printing
only at
Fotofast STELLENBOSCH
ONE COUPON PER FILM
VALID
Trust Bank Centre . Andringa Street
Tel (021) 883 3435

1 HOUR PHOTO
PROMISE OF PERFECTION
PLUS FREE PHOTO ALBUM
PLUS 30% OFF YOUR PRINTS
PLUS FREE 2 FREE REPRINTS
Quality film at BUDGET prices:
35mm for colour prints
6 Exp - R5,95
12 Exp - R7,99
24 Exp - R9,95
36 Exp - R12,95
NOTHING ESCAPES AGFA FILM
Agfa
Fotofast
Trust Bank Centre, Andringa Street
STELLENBOSCH . Tel (021) 883 3435

# Delivery King Belbonanza

IN hierdie week sè Belbonanza kan drie lesers videokontrakte met 'n totale waarde van R750 wen.

Die videokontrakte, geskenk deur **Blockbuster Video**, sal deur **Delivery King** afgelewer word.

Laasgenoemde is een van Stellenbosch se nuutste en suksesvolste besighede.

Volgens 'n direkteur en stigterslid van **Delivery King**, mnr Brandon Lourens, spesialiseer hulle daarin om iets soortgelyks aan 'n hotel se vyf-ster kamerdiens te lewer, in die gemak van jou eie huis!

Hulle laat elke kliënt toe om by tot twee verskillende restaurante en eetplekke voedsel te bestel, wat dan teen 'n minimale fooi afgelewer word. Aflewering op kampus kos slegs R3.

'n Verdere diens wat hull[e] bied is 'n snoepwinkel-fasili[teit] wat die daaglikse koe[rante], lekkergoed, sigarett[e], roomys en koeldrank afle[wer].

**Delivery King** word be[dryf] deur persone met bai[e] ondervinding in die restau[rant]bedryf. Hulle stre[we] daarna om hul reeds uits[te]kende diens en voedselkwa[liteit] te verbeter.

Delivery charge on campus R3.00
ALL YOUR FAVOURITE RESTAURANT FOOD DELIVERED TO YOUR DOOR!
DELIVERY King
LUNCH 12 - 2
DINNER 6 - 10
OPEN 7 DAYS A WEEK
Tel: 886-4999
SKIPPERS
ROMANO'S
Mamma Roma
S.P.Q.R.
Die Perdekoeie
BLOCKBUSTER Video
Milky Lane
The Terrace STELLENBOSCH
Spur STEAK RANCHES
Steers
KFC
LE CAMÉLÉON
Menu booklets available at all participating outlets.

# Só het vanjaar se SR-lede hul R3 700 (of meer) verdien:

**Die Matie het aan al die SR-lede gevra om 'n opsommende verslag te skryf oor hul bedrywighede die afgelope termyn. Die volgende is gebaseer op uittreksels uit hierdie verslae.**

**Waar SR-lede spesifieke projekte in hul verslae genoem het, word daardie projekte hier aangedui.**

## LOUIS DU PREEZ

**Voorsitter:** Mnr Du Preez het die tweeweeklikse Studenteraadsvergaderings en die weeklikse vergaderings van die Uitvoerende Komitee gelei. Hy was ex officio 'n volwaardige lid van beide die Senaat en die US-Raad en het op "'n groot aantal" Universiteitskomitees gedien. Daar is van hom verwag om teenwoordig te wees by alle skakelings met ander universiteite en studenteleiers. Volgens mnr Du Preez is die SR-voorsitter "letterlik by alles op kampus betrokke."

## DANIE DU TOIT

**Ondervoorsitter:** Die ondervoorsitter het ter ondersteuning van die voorsitter gewerk.

**Akademiese Belange:** Volgens sy verslag het mnr Du Toit maandeliks met die Viserektor (Akademies) en die direkteur van die JS Gericke-biblioteek geskakel. "Heelwat studente" het by hom en sy komitee aangeklop met akademiese klagtes en probleme met toetse en dosente. Gevalle wat hulle nie self kon hanteer nie, is na die Viserektor verwys.

Hy was ex officio-lid van die Beurse- en Leningskomitee, die Stellenbosch Forum-komitee en die Biblioteekkomitee.

Die SR se afgelope algemene kennis-kompetisie is deur Akademiese Belange aangebied. Die Handves van Studenteregte is ook tydens mnr Du Toit se termyn nader aan voltooiing gebring.

**Kers:** Die reglemente van die meeste SR-portefeuljes is opgedateer "om die effektiwiteit van die SR opnuut te verseker."

## ILSÉ ERASMUS

**Sekretaris:** Me Erasmus was hoofsaaklik verantwoordelik vir administratiewe take in die SR, soos die afneem van notules tydens vergaderings en die hantering van SR-korrespondensie.

Me Erasmus het die SR se Beplanningsdag georganiseer, wat "die bepaling van 'n lokaal, die reël van verversings en algemene administratiewe funksies" ingesluit het.

Sy het ook, in samewerking met die Bemarkingsportefeulje, SR-bekendstellingsblaadjies uitgestuur aan koshuis-HK's, ampsdraers van die Universiteit en die SR's van ander universiteite.

Verder is sy aangestel om te skakel tussen die SR en die Behoeftigheidsbeurs-komitee, wat die lewensvatbaarheid van 'n beurs aan 'n behoeftige student ondersoek.

Na die Merriespruit modderramp is 'n R500 donasie van die SR deur haar hanteer.

**Intervarsity:** Me Erasmus se pligte as SR-lid op die Intervarsitykomitee het ingesluit die hantering van "Die Dag"-portefeulje op die Uitvoerende Komitee, "sekretariële en administratiewe take" en die samestelling van die Intervarsity Vermaaklikheidsprogram.

## LUKE McKEND

**Spog:** Verskeie leiers het opgetree by vergaderings wat deur Spog georganiseer is, insluitende jeugleiers van die ANC, die IVP en die NP, mnr Sol Schkolne van die Meriete Party, politieke sprekers op die kampus (in samewerking met Saak) en 'n spreker van die Afrika Christen-Demokratiese Party.

Alhoewel dit buite die bestek van sy portefeulje val, was mnr McKend betrokke by onderhandelings vir die onlanse stigting van 'n nasionale SR-liggaam, waarvan hy tot visepresident verkies is.

Die Spogkomitee het, in samewerking met Regslui vir Menseregte en die Street Law-projek, verkiesingsopvoedingsprojekte onderneem.

**Leierskapsontwikkeling:** Ander kampusse in die Wes-Kaap is besoek, werkswinkels oor beroepsgeletterdheid is beplan en uitreikingsprogramme is onderneem. 'n Bedrag van R350 is aan Koinonia gegee om 'n plaaslike uitreikingsprogram te help finansier. Volgens mnr McKend is daar nog nooit veel verwag van dié portefeulje nie, omdat soveel leierskapsontwikkeling deur die Universiteit self onderneem word. Sy portefeulje het eerder op die verkiesing van 27 April gefokus, omdat die "breër doel van leierskapsontwikkeling" daardeur gedien is.

## DIRK HOFFMANN

**Ekosorg:** Die Ekosorgkomitee was vir 'n naweek Pringlebaai toe om projekte vir die jaar te beplan. Die komitee het 'n eerstejaarsuitstalling gehou, in die plek van die jaarlikse Omgewingsuitstalling, en ongeveer 250 eerstejaars het aangesluit by die Ekosorg Klub.

Daar is ook tans drie metaal "bins" op kampus.

'n Kaas-en-wyn funksie, wat deur sowat 120 mense bygewoon is, is aangebied. Twee gassprekers het hier opgetree.

Tydens Waterweek het Ekosorg 'n waterstalletjie op kampus gehou, waartydens "vars water gratis aan studente gegee is," inligting oor die belang van water verskaf is en kalenders en plakkate uitgedeel is.

Die Ekosorg-komitee het 'n logo laat ontwerp wat op die Ekosorg Klub se lidmaatskapskaartjies aangebring is. 'n Logo is ook ontwerp vir die "WOW BINS" en vir T-hemde.

Ecosorg borg jaarliks 'n wildehond ("Neelsie") en 'n duiker ("BJ") by die Tygerberg dieretuin, en komiteelede het gehelp om pikkewyne te was ná die onlangse olieramp aan die Kaapse kus.

Mnr Hoffmann en sy komitee het met 'n hulpbronprojek begin om studente aan te moedig om spaarsamig met water en elektrisiteit te wees.

## STEPHAN CLAASSEN

**LSS:** Dié portefeulje het, in samewerking met die Beplannings- en Instandhoudingsafdelings, die verskuiwing van die Neelsie na die Lückhoffskool behartig. 'n Kontrak is gesluit met Stuttafords Van Lines, wat die fisiese verskuiwing gedoen het. Volgens mnr Claassen is daar "steeds 'n tekort aan lokale," en is die enigste oorblywende wesenlike probleem die gebrek aan genoeg telefone.

Die Neelsie se kennisgewingborde is verskuif na die area tussen die Schumann- en Van der Sterrgeboue, en borde is opgesit by die vier kafeterias in die akademiese geboue.

Die Stellenbosch Student Etepakket is vanjaar geloods. Drie restaurante is lede van die skema, en daar word onderhandel om die plaaslike filmteaters, 'n gimnasium en 'n wassery ook te betrek. Die SR tree op as bemarkingsagent vir die skema en verdien 'n kommissie van 2.5 persent op die omset daarvan.

Wasmasjiene is vanjaar in sommige privaat studentehuise ingerig.

Mnr Claassen was ook nou betrokke by die beplanning van die nuwe Neelsie.

**SR-toer:** Die Studenteraad het Botswana, Zambie, Zimbabwe en 'n paar binnelandse bestemmings in Suid-Afrika besoek.

## PIETER EKSTEEN

**Bemarking:** 'n SR-bekendstellingsblad en 'n plakkaat waarin die rektoraat aan studente bekendgestel is, is opgestel en versprei. Verder is SR-visitekaartjies gemaak en opsommings van die SR se vergaderingsnotules is op kampus versprei.

Die bemarking van die komende SR-verkiesing word ook deur mnr Eksteen behartig. "Bemarking is baie nou geïntegreer met ander portefeuljes en daar word telkemale met hulle saamgewerk vir die bemarking van projekte. Bemarking het dié jaar baie interessant en onvergeetlik gemaak."

## JAN VAN ZYL

**Studentebelange:** "Kom kla wat pla" het sowat 100 klagtes ontvang, "wat sorgvuldig deur die subkomitee opgelos en beantwoord is."

Die Matie-eksamen is gereël en studente-afslag is beding by 25 plaaslike besighede.

Nuwe projekte sluit in deelname aan Nedbank se entrepeneurskompetisie, skakeling met die Polisiediens se Stop Misdaad-projek en met die South African Students Travel Service.

Mnr van Zyl het ook fietsrakke aangevra vir gebruik by die Lückhoffskool en het 'n brief geskryf aan al die prims om twee oorsese toere bekend te stel.

Drie van mnr Van Zyl se komiteelede ondersoek tans die vatbaarheid en legitimiteit van 'n Verbruikersraad vir studente.

**Uskor:** Mnr van Zyl het met die SR-lid vir Verenigings geskakel om te verseker dat Uskor 'n stalletjie by die eerstejaarsuitstalling sou hê. Die stalletjie is deur Uskorpersoneel behartig. "Verder was ek verantwoordelik vir die bekendstelling van Uskor en die omskrywing van hulle dienste in my toespraak aan die eerstejaars in die DF Malansentrum."

Die SR-lid vir Uskor skakel gereeld met me Lydia Burger van dié organisasie. "Tog is ek en me Burger dit eens dat die Uskor-portefeulje basies onnodig is."

## WILNA ZAAIMAN

**Interne Skakeling:** 'n Skakeling tussen die Studenteraad en "sleutellede" van die Universiteit het verlede Oktober plaasgevind. "Omdat ek nie seker was wie om te nooi nie, het Ruda en Belinda (die sekretaresses in die SR-kantoor - *red*) tussen hulle die gastelys opgestel."

Die SR het in die vierde kwartaal van 1993 met die Tygerberg Studenteraad (TSR) geskakel. Die SR het ook deelgeneem aan 'n vlugbaltoernooi wat deur die TSR aangebied is.

'n SR-afvaardiging, bestaande uit mme Zaaiman, Carol Johnson en Sam Walbrugh het op 8 Maart 1994 die Militêre Akademie op Saldanha besoek en daar middagete geëet.

Me Zaaiman het ook SR-skakelings met die Primkomitee, die Sportburo en die personeel van die JS Gericke-biblioteek gereël.

**Sport:** Die volgende aktiwiteite is deur die SR se sportkomitee aangebied:

* 'n Tour de Campus vir eerstejaars, gedurende oriënteringsweek.
* 'n Try-athlon (sosiale driekamp)
* 'n Sportstalletjie tydens die eerstejaarsuitstalling.
* Swem-seisoenkaartjies is namens die MBK-departement deur die SR-kantoor verkoop.
* Vergaderings is gehou met die HK-lede vir sport. 'n Funksie is ook by die Elgin Buiteklub gehou waartydens die Sportkomitee sosiaal verkeer het saam met 'n aantal HK-lede vir Sport. Hulle het onder meer piekniek gehou en geroei op 'n sogenaamde "longboat". Volgens me Zaaiman was die dag "'n reuse-sukses, ten spyte van die feit dat so min HK-lede op die ou end saamgegaan het, en dat die boot in die middel van die dam gesink het."

Me Zaaiman het gedien op die uitvoerende komitee van die Universiteit se sportadvieskomitee. Sy het ook een keer per maand die personeelvergadering van die sportburo bygewoon, en sy was saam met die Direkteur van Sport, mnr Belius Potgieter, by die stigtingsvergadering van die Suid-Afrikaanse Studente Sportunie.

## CAROL JOHNSON

**Openbare Skakeling:** Skakelings is gehou met buitelandse besoekersgroepe, onder andere van Duitsland en Tsjeggië, in samewerking met die Suid-Afrikaanse besoekersburo. Besoeke is ook ontvang van buitelandse joernaliste en studenterade, onder meer vanaf die Universiteit van Leiden.

Skakelings is ook gereël tussen die Stellenbosse SR en ander Suid-Afrikaanse studenterade, soos Potchefstroom en Kovsies.

Verder het me Johnson "meegewerk aan die stigting van die Nasionale Studenteraad."

**Sosius:** Aan die begin van vanjaar is Sosius-pamflette gedruk en versprei. Dit het inligting oor gesondheid, biblioteekure en die verskillende sportfasiliteite bevat.

Die seksoloog, dr Etienne Kok, het studente toegespreek op Sosius se uitnodiging.

Volgens me Johnson is baie vordering gemaak met die bekendstelling van die Lost-verslag oor seksuele teistering. Sosius het met die Administrasie onderhandel oor vroue se veiligheid op kampus en 'n begeleidingsdiens is ingestel vanaf die Gericke-biblioteek na die vrouekoshuise. Daar "word gewerk" aan die verspreiding van pamflette oor seksuele teistering.

By Sosius se eerstejaarsuitstalletjie is 'n verskeidenheid pamflette asook gratis kondome uitgedeel.

"Daar was 'n vigsbewustheidsprojek beplan vir die tweede kwartaal, maar as gevolg van die hele kondoom-debakel rondom Die Matie, was Sosius nie seker of dit wenslik sou wees om so gou daarna weer in 'n 'kondoomkwessie' betrokke te raak nie, en dis beslis onmoontlik om iets oor vigsbewustheid te reël sonder dat kondome weer genoem sou word."

## ANDRÉ SERFONTEIN

**Verenigings:** Sowat veertig verenigings het stalletjies by die eerstejaarsuitstalling gehad. Volgens mnr Serfontein het hy "verskeie verenigings gesubsidieer, asook vele spesiale projekte van verenigings geborg."

Maatreëls is getref om die finansiële kontrole oor verenigings te verbeter.

Mnr Serfontein het hom ook beywer vir "meer kantore, telefone en rekenaarpunte vir elke kantoor, en meer vergadersale." Voorts sal verenigings se ledegelde volgende jaar direk op studenterekeninge gehef kan word.

**Klere en Erekleure:** Erekleure is verlede jaar tydens 'n dinee oorhandig. Vanjaar se dinee word tans gereël.

"Wat klere betref het ek vanjaar verskeie Matie T-hemde, hoedens en oortruie goedgekeur, wat deur studente ontwerp, bemark en verkoop is."

## WICUS PRETORIUS

**Media:** Volgens mnr Pretorius is hierdie portefeulje in 'n "fase van herstrukturering".

Mnr Pretorius was verantwoordelik vir die samestelling van die Matie-dagboek, en het die jaarlikse kampusbladkompetisie organiseer.

Ondersoeke is geloods na die moontlike vorming van 'n mediaraad, die etiese kode van Die Matie en die herevaluering van hul befondsing.

Die moontlikheid van 'n streeksender vir Radio Matie en die inrig van 'n ateljee in die nuwe Neelsie word ook ondersoek.

Laastens het mnr Pretorius die redakteur en subredakteur van die Stellenbosse Student aangestel.

**Kultuur:** Die kultuurkomitee het tydens oriënteringsweek die aanleer van die universiteitsliedere aan eerstejaars onderneem.

'n Fees van die Kunste is in die tweede kwartaal deur die Kultuurkomitee organiseer. Middaguitvoerings, 'n filmfees, 'n skrywerskompetisie, 'n toneelfees en 'n middagete saam met die digter Gert Vlok Nel is onder meer aangebied.

Ander projekte sluit in 'n Sêrkompetisie, die Sangfees en 'n Johnny Clegg-konsert. 'n Jaarlikse kultuurbeker word ook binnekort toegeken.

STELLENBOSCH SILENCERS
vir
Knaldempers
Skokbrekers
Sleepstange
Bande
Aandag Spesiale aanbod vir Studente
ONS DOEN GRATIS!!
vierwiel gerekenariseerde toetsing van skokbrekers en wielsporing
asook nagaan van bande.
Birdstraat 137 Stellenbosch. Tel. 886 4569
Oop Saterdae - vir Persoonlike Diens

FOTO STUDIO LOCKLEY
EIEN. COR LANGENBERG
DIE STUDENT SE AMPTELIKE FOTOGRAAF
Vir al u foto's:
RUGBYGROEPE, HUISFOTO'S, PORTRETTE ENS.
PASPOORT- EN I.D.-FOTO'S TERWYL U WAG EN GRADEPLEGTIGHEDE.
10% STUDENTE-AFSLAG
DIE BESTE
DIE GOEDKOOPSTE
Tel 88 33131
Pleinstraat 21, Langs Saambou, Stellenbosch.

CHURCH SERVICES
SOMERSET WEST SPIRITUAL CENTRE
Lions Club, New Street
Address: Clairvoyance, Healing
ALL WELCOME
Enquires:
Tel. 553245
Services:
Every Sunday at 19:00

# Pieter Abels se deur staan oop

**Amper elke student het al verdwaal in die gange en portale van Administrasie, op soek na die één bekende gesig wat hul verblyf-, rekening-, adres-, of ander probleme kan oplos. Mnr Pieter Abels, wat onlangs aangestel is by die afdeling Studentesake, kan hierdie persoon word. HANLIE STADLER het met hom gaan gesels.**

Die deur van mnr Pieter Abels se kantoor staan oop. Dit is nie 'n cliché nie: dit is 'n feit. En dis verteenwoordigend van die warmte waarmee hy jou groet en vra om te sit, terwyl hy self agter sy lessenaar in sy stoel plaasneem.

"'n Deel van die kultuur van Stellenbosch is dat studente-aktiwiteite deur die studente self geïdentifiseer word. Studentesake se hoofdoel is om kommunikasiekanale oop te hou om studente se besluite te vergemaklik, en nie voorskriftelik te wees nie," sê hy oor sy nuwe beroepstaak.



Mnr Pieter Abels

Mnr Abels is een van twee nuwe aanstellings by Studentesake. Sy taak behels onder meer openbare skakeling, wat studentewerwing en bekendstelling van die Universiteit aan besoekers insluit. Skakeling met studente-organisasies en koshuise sorteer ook onder sy portefeulje.

Met verskeie lisensiate in Sang van Unisa en Trinity en 'n B.Mus.-graad van die US, sal die jaarlikse Sangfees waarskynlik sy taak wees. Nostalgies vertel hy van sy deelname aan serenadegroepe in sy studentejare. "Daardie vibrasie, daardie géés, is iets besonders. Kultuur is 'n belangrike faset van tersiêre opleiding. Die kulturele tradisie moet opgebou word."

Sy jare as musiekstudent was van die rykste in sy lewe, ook omdat hy by befaamde Suid-Afrikaanse komponiste soos dr Herbert du Plessis en prof Rudolf Temmingh klas gehad het. Vandag sing hy egter nie meer nie -"selfs nie eens in die badkamer nie!"

Musiekopleiding het eers relatief laatin sy lewe gekom. Nadat hy as 'n gebore Stellenbosser in 1959 aan die Lückhoff-skool matrikuleer het, het hy by die Hewitt-onderwyskollege in Wellington gaan studeer. Hy was 'n laerskoolonderwyser by verskeie skole in Wellington en Stellenbosch. Hieronder val die Volkskerk in Banghoekweg, wat gedurende sy termyn gesluit is toe die groepsgebiedewet ingestel is.

"Ek het soms klas vir tot 48 leerlinge gegee," sê hy. "Maar 'n mens kom daardeur!"

Ná sy musiekstudies het hy dertien jaar lank by die Paarl Onderwyskollege klas gegee todat sy pos gerasionaliseer is. "Daar sit jy dan by die huis: gesond, en jy voel jy kan nog 'n bydrae maak," sê hy sonder enige tekens van bitterheid. "Toe't ek maar aanhou aansoek doen - en hier is ek!"

Alhoewel hy spot dat sy "jare van aktiwiteit" verby is, draf hy nog gereeld. Vroeër het hy ook sokker en tennis gespeel.

Mnr Abels het drie seuns, wat hy skertsend "drie terroriste" noem. Peter, (amper 24), is 'n vyfdejaar mediese student by Tygerberg en Ian (23) het pas as ingenieur by Telkom begin werk. Rodger (21) is 'n eerstejaar ingenieurstudent aan die Kaapse Technikon.

"My vrou, Carreen, is die enigste dame in ons huis. Sy het dit maar moeilik gehad wanneer ons nie voldoen het aan 'n dame se manier van doen nie," spot hy.

Daar is volgens mnr Abels twee aspekte van werwing van studente om te oorweeg. Studentesake het 'n "bestuursverantwoordelikheid" om die gemeenskap se behoeftes aan tersiêre opleiding te bepaal, en moet reklame doen vir die US. Wanneer voornemende studente besluit om hier te studeer, moet hul aanpassingsprobleme - sowel sosiaal as akademies - só hanteer word dat hulle hier bly. Die konflik wat studente dikwels met Administrasie het, kan volgens hom deur kommunikasie opgelos word.

"My taak is absoluut fassiliterend om probleme op te los. Dit is 'n interessante uitdaging om mense se verskillendheid raak te sien, dit deur te weef, en almal tevrede te hou. Maar 'n inrigting soos die Universiteit het 'n sekere karakter. By aansluiting aan die Universiteit verklaar studente by implikasie dat hulle bereid is om by die huisreëls in te pas."

Die Direkteur van Studentesake, prof Flip de Wet, sê sy belangrikste oorweging by aanstellings is dat die applikante "studentevriendelik" moet wees en vertroue inboesem.





Die Bos beteken nie dieselfde vir almal nie. Só sê James, een van Stellenbosch se vele haweloses. Gelukkig vir hulle is daar instansies soos die Stellenbosse Nagskuiling waar hulle kan oornag en maaltye ontvang.

# Bergies op die Bos... Waarheen nou?

**Soos die meeste ander dorpe in Suid-Afrika, het Stellenbosch ook sy bosslapers. Wat is hul heenkome, waar kry hulle hulp en is daar instansies wat hulle help? RAYMOND ELLIS het ondersoek ingestel.**

ARTHUR is een van die mense wat jy teëkom wanneer jy juis op daardie kritieke sentetel-tyd van die maand is. Hy is 'n bosslaper of "bergie", soos hulle algemeen bekend staan in die Kaap. Mense soos Arthur word dikwels gekonfronteer met apatie en selfs aggressie.

Op Stellenbosch is daar egter wel instansies wat hul lewens probeer vergemaklik soos die Stellenbosse Nagskuiling.

**"Straatmense word so menslik moontlik behandel."**

Die voorsitter van die Nagskuiling Komitee, Me Dorothy Reyneke, voel dat die Nagskuiling 'n gemeenskapsprojek is. Meer as die helfte van die herbergloses wat hier aandoen, is bosslapers. Die behoefte aan 'n Nagskuiling is reeds in 1991 geïdentifiseer en die projek is al sedert daardie jaar aan die gang.

Die skuiling maak staat op donasies van die gemeenskap. Dit sluit kos- en kleredonasies van die kerke in, brood van die plaaslike kafees en vrugte van plase in die omgewing.

Die Nagskuiling is in Cloetesville (die "Dal") geleë en die oorkoepelende funksie is om 'n oornagplek vir herbergloses te bied. Die skuiling gee ook vir die inwoners ontbyt en aandete en verskaf stortgeriewe.

Me Katrina Louw, 'n gereelde gebruiker van die Nagskuiling, het definitiewe menings oor die skuiling. "Ons kry sop in die aand. Dit is nie lekker nie. In die oggend is daar bitter koffie en brood." Ten spyte van dié ongeriewe waardeer sy die slaapplek baie.

**"'n Groot gedeelte van Uskor se kosdonasies kom van studente in die koshuise."**

Katrina tel bedags rommel op by die Rietdak Kerk op Die Braak. Daarvoor gee die Kerkraad haar R6, waarvan sy R2 aan die Nagskuiling moet gee vir losies. Sy sê dat bruin mense oor die algemeen die bereidwilligste is om geld aan haar te gee, terwyl die studente selde iets gee. "Ou witmense gee niks", sê sy.

Arthur is 'n gebore Kapenaar wat tot onlangs in Somerset-Wes gewoon het. Hy het ook 'n probleem met die Stellenbosse Nagskuiling se kos. "Ek hou meer van die nagskuiling in Somerset-Wes. Daar kry 'n mens gekookte kos." Soos Katrina dink Arthur egter dat die Nagskuiling in Cloetesville die beste slaapplek bied.

In samewerking met die Nagskuiling lewer Uskor ook 'n belangrike diens aan die herbergloses. Volgens me Lydia Burger van Uskor voorsien dié organisasie onder meer drie keer per week sop aan behoeftiges. 'n Groot gedeelte van hul kosdonasies kom van studente in die koshuise.

**"Ou witmense gee niks."**

Bosslapers is egter nie welkom as hulle die Universiteit se gronde betree nie aangesien die administrasie van die Universiteit die kampus as privaat eiendom beskou. Volgens kol Ivan Bester van Risikobestuur word straatmense van die kampus verwyder, maar word hulle "só menslik moontlik behandel".

Die gevaar waarin bosslapers daagliks egter verkeer is op 17 Junie vanjaar op grusame wyse aan studente tuisgebring. Die lyk van 'n onbekende bosslaper is net binne die ringmuur van Wilgenhof gevind nadat hy klaarblyklik aan 'n meswond beswyk het.

Alhoewel studente bewus is van die probleem van hawelose mense, moet hulle nog hul besorgdheid oor die lot van Stellenbosse bosslapers bewys.

# Redaksielys


**Hoofredakteur**: Willem Kempen, Colignystr 8, tel 88 79231
**Assistent-hoofredakteurs**: Sybrandus Adema, Cluverweg 2, tel 88 73706; Anna-Retha Kriel, Kaneelsingel 19, tel 88 72482
**Nuusredakteur**: Marius de Jager, Parkhof 1, Hofmeyrstraat, tel 88 78305
**Nuus-subredakteurs**: Pieter Bruwer, Moffatstraat 3, Idasvallei, tel 88 75926, Riekie-Louise Human, Eikenwaters 33, tel 88 38119
**Verslaggewers**: Ronelle Burger, Adél de Villiers, Ebbe Dommisse, Kotie Ferreira, Li Kellerman, Ross Linström, Leoni Molenaar, Nicola Morton, Jacques Olivier, Jan Schoombee, Caryn Voigt, Zelda Weitz
**Aktueelredakteur**: aansoeke word ingewag.
**Verslaggewers**: Jorisna Bonthuys, Nicola Buchanam-Clarke, Raymond Ellis, Adrienne Giliomee, Jannies Hennop, Caroline Hoppe, Michael Jonas, Boni Meyersfeld, Ally Powell, Adri Saayman, Hanlie Stadler, Andrew Starke, Liezl Theron
**Interkampusredakteur**: Karen Smith, Sonop, tel 883 2300
**Interkampus-subredakteur**: aansoeke word ingewag
**Verslaggewer**: Tessa van Staden
**Meningsredakteur**: Gisela Marx, Cluverweg 29, tel 88 79079
**Dag-en-Nag-redakteur**: Johan van Zyl, Dennehof 2, Hofmeyrstr, tel 88 75941
**Dag-en-Nag-subredakteurs**: Keith Bain, B11 Nouveau, Birdstraat, Adélle van Wyk, Irene, tel 88 32201, Tania Botha, Langenhovenstraat 19, tel 8879246
**Advertensiebestuurder**: Johan van Wyk, Sonop, tel 883 2300, aansoeke vir 'n assistent word ingewag
**Sportredakteurs**: Laetitia van der Merwe, Gihonstr 7, Eden, Paradyskloof, tel 880 0858
**Sport-subredakteurs**: Herbert Pretorius, Eendrag, tel 88 39949, Da-



**Die Matie**

SELFSTANDIGE MONDSTUK VAN STELLENBOSSE STUDENTE

Redaksieposte 1994/1995 Termyn

Die termyn van die huidige redaksie van **Die Matie** kom op 31 Augustus tot 'n einde.
Alle Redaksieposte is vakant, insluitende:

NUUS
SPORT
INTERKAMPUS
HOOFFOTOGRAAF
VERSLAGGEWERS

AKTUEEL
DAG&NAG
KAMPUSMENINGS
FOTOGRAWE

Asook: HOOFREDAKTEUR
ASSISTENT-REDAKTEURE (X2)
BESTUURSHOOF
ADVERTENSIEBESTUURDER
ASSISTENT-ADVERTENSIEBESTUURDER
(Kommissie: 10%; Dringend benodig)

**Aansoekvorms is by die SR-kantoor beskikbaar.**
**Aansoeke sluit op Vrydag 26 Augustus 12:00.**
**Navrae: Tel. 8866312**

AT LAST
GREAT
PRICES!!

EX
BONDS

# CHOICE CLOTHING

CC

"WEAR" YOU MAKE THE RIGHT CHOICE

## Grand re-Opening Sale Specials!

**STARTS FRI 26 AUG TILL SAT 3 SEPTEMBER**



LOUNGE SHIRTS ASSORTED 5,99

DENIM SHIRTS FROM 19,99

ADULT BLACK PRINTED T-SHIRTS ONLY 5,99

★ NEW STOCK ★ NEW NAME ★ NEW MANAGEMENT

MEN'S IMPORTED TIES 19,99 2 FOR 29,99



MEN'S & KIDS BASEBALL TOPS 24,99 & 19,99

ASS LADIES' CARDIGANS ONLY 59,99



FLANNEL SHIRTS 19,99

TOP RANGE ASS BRA'S FROM 15,99

MEN'S ALBERTO CAR COATS 49,99

PARK AVENUE JACKETS 29,99

MEN'S ASSORTED TROUSERS FROM 19,99

MEN'S BRIEFS 3 FOR 1,99

**ALSO INSTORE REDUCED PRICES**

AVAILABLE AT ALL 6 BRANCHES
STELLENBOSCH, 35 ANDRINGA STREET, STELLENBOSCH
TEL: 887-0804

# Dok terug op Coetzenburg

MNR JANNIE ENGELBRECHT, President van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub, het op 10 Augustus bekend gemaak dat dié klub 'n standbeeld ter ere van wyle dr Danie Craven op Coetzenburg gaan oprig.

Mnr Engelbrecht het gesê die klub beoog al geruime tyd om die nagedagtenis van dr Craven te vereer.

Volgens mnr Engelbrecht was dr Craven se grootste triomf toe daar, na sy jarelange arbeid, op 20 Maart 1992 eenheid in Suid-Afrikaanse rugby bewerkstellig is. Dit was 'n lewenstaak van versoening wat hy as speler en as rugby-administrateur konsekwent probeer deurvoer het, ongeag kritiek. Eenheid in Suid-Afrikaanse rugby was die direkte rede waarom die Rugby-wêreldbekertoernooi vir 1995 aan Suid-Afrika toegeken is.

Aangesien dr Craven wêreldwyd as 'n rugbylegende erken word, het die Bestuur van die Stellenbosch Rugbyklub besluit dat dié toernooi, wat aanstaande jaar van 25 Mei tot 24 Junie in Suid-Afrika gespeel word, die gepaste geleentheid is om só 'n standbeeld te onthul. Presidente en verteenwoordigers van al die rugbyspelende lande in die wêreld se nasionale rugby-unies sal gedurende díe toernooi in Suid-Afrika wees.

Die onthulling van die standbeeld dra die goedkeuring van die Craven-familie, die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie (Sarvu), die Westelike Provinsie Rugbyvoetbalunie en die Universiteit van Stellenbosch weg. Dit sal deel uitmaak van die program vir die Rugby-wêreldbekertoernooi.

Dr Craven se verbintenis met die dorp en die Universiteit van Stellenbosch het oor langer as 'n halfeeu gestrek. Hy het in 1929 na die Universiteit van Stellenbosch gekom en die grade BA, MA en uiteindelik 'n DPhil in Antropologie (1935) verwerf. Na 'n tydelike verbreking van bande keer hy in 1947 terug as professor en hoof van die Universiteit se Departement Liggaamlike Opvoedkunde. Hy het tot en met sy aftrede in dié pos gedien, waarna hy, tot 31 Desember 1984, eers as Direkteur van Sport en Ontspanning en toe as Direkteur van die Universiteit van Stellenbosch se Sportinstituut werksaam was.

As rugbyspeler is hy steeds die speler wat in die meeste posisies in toetsrugby gespeel het, naaamlik skrumskakel, losskakel, senter en agsteman. Tussen 1931 en 1938 het hy in 16 toetse gespeel, waarvan vier as Springbokkaptein. As skrumskakel het hy die duikaangee vervolmaak.

Dr Craven was voorsitter en lewenslange president van die Stellenbosch Rugbyklub, asook afrigter van die Universiteit se Eerstespan van 1947 tot 1991. In 1956 het hy president van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad geword, 'n posisie wat hy vir vyf-endertig jaar tot en met sy afsterwe op 4 Januarie 1993 beklee het. Hy was ook sedert 1957 Suid-Afrika se verteenwoordiger in die Internasionale Rugbyraad, asook voorsitter wanneer dit Suid-Afrika se beurt was. Hy was ook lid van díe Raad se Reëls- en Toerekomitee.

Twee ereburgerskappe is in sy roemryke loopbaan aan hom toegeken: Eers deur Stellenbosch in 1990 - in meer as 300 jaar is dit slegs twee keer toegeken - en daarna deur Lindley in 1991. Suid-Afrika se hoogste burgerlike verering, die "Dekorasie vir Voortreflike Diens" is ook aan hom toegeken.

Mnr Engelbrecht het gesê die oprigting van 'n standbeeld is 'n gepaste huldeblyk aan die grootste rugbypersoonlikheid in die wêreld, en een van Suid-Afrika se grootste sportlegendes.

Die bekende rugby-administrateur, mnr Robert Denton, is reeds as bemarker van die projekte wat die oprigting van die standbeeld moet finansier, aangestel.



**Die legende, wyle dr Danie Craven** Foto:Die Burger

# Maties netbal bly Everfresh

Deur **Danelle Bredenkamp**

DIE BOLAND Everfresh-Uitdaagnetbalkompetisie het Saterdag 20 Augustus by die Victor Verster Gevangenis plaasgevind. US (A) het met 18 doele geseëvier oor die A-span van Victor Verster. In die eerste helfte van die jaar het US (A) met 13 doele gewen teen VVG (A). Maties se ondersteunende en verdedigende spel was baie goed. Al sewe die spelers het die opponerende gooier, sowel as die aanvallende spelers, so effektief verdedig dat hulle gedwing is om foute te maak. Die kwarte se tellings, in Maties se guns, was 12-8, 15-10, 13-11 en 17-10.

In die US-span is slegs twee SA 0/21-spelers, terwyl die span van Victor Verster met twee top SA B-spelers spog. Patrys Basson het 'n rowwe, onbeheersde opponent gehad, maar het haar puik van haar taak gekwyt. Sy het die stampe en stote maar verduur en kon nogtans 'n hoë doelgemiddeld handhaaf.

Maties se HD, AV en senter het die verdedigende kant van VVG goed gefnuik op aanval. US se verdedigende kant het op hul beurt puik saamgespeel as 'n kombinasie en hul opponente gedwing tot foute en onakkurate voerwerk.

Leonora Bruwer en Natasha Westdyk het uitgeblink in hul spel teen die twee SA B-spelers (wat oor twee weke na Australië vertrek). Die Matie HV, Lana van der Westhuizen, het ook beïndruk met haar akkurate interpretasie van die spel. Só kon sy 'n paar goeie onderskeppings maak.

US (B) het hul naam gestand gedoen deur US (C) met 44-23 te wen. Vroeër vanjaar was sake egter omgekeerd toe US (B) met twee doele verloor het teen US (C), maar toe was vier van die B-span se spelers siek.

Hierdie Saterdag was hulle span egter volledig en kon hulle maklik seëvier oor die C-span. Die uitslae van die vier kwarte, in US (B) se guns, was 11-7, 10-5, 15-5 en 8-6. Al nege US (B)-spelers het goed gevaar, terwyl die C-span veral in die laaste kwart onakkuraat gedoel het.

Anneri Brand (HD) en Lisa Venter (VV) van die B-span en Suzanne Spies (V) van die C-span het uitgeblink in hierdie wedstryd.

Die volgende Oud-Maties is opgeneem in die SA Top 10 A-span: Estelle Kruger, Resé Hugo, Debbie Hamman, Annie Kloppers en Eleanore Melck. Hulle sal van 24 Oktober tot 19 November deelneem in Engeland. Elsjé Johnson, Desireé Strydom en Carine Ehlers (onder-kaptein), ook Oud-Maties, is in die "res van SA-span" wat binne twee weke na Australië vertrek. Patrys Basson, Santie Loubser en Bronwen Boch is huidige Maties wat opgeneem is in die SA 0/21-span, wat sal deelneem teen 'n span van Nieu-Seeland wat in Suid-Afrika kom toer.

# Basketbal dubbel die genot

Deur **Danelle Bredenkamp**

DIE US-Basketbalklub het een mans- en een vrouespan wat in die WP eerste liga speel.

Die Basketbalklub het op 20 Augustus 'n marathon gehou waarin klub- en koshuisspelers deelgeneem het. Die doel van die marathon was om vir 10 ure aanneen basketbal te speel. Die klublede het van nege-uur tot twaalf-uur gespeel, waarna die koshuisspanne by hulle oorgeneem het. Daar het agt koshuisspanne deelgeneem, waaronder twee Dagbreek spanne, Goldfields, Helshoogte en Libertas. Dit was egter teleurstellend dat daar geen vrouespanne deelgeneem het nie. Die klublede het die drie-teen-drie wedstryde geblaas.

Ten spyte van reën wat die marathon 'n bietjie gekortwiek het, was dit nogtans 'n sukses, omdat die deelnemers dit baie geniet het en 'n behoefte aan basketbal op 'n informele basis by studente duidelik geword het. Die klub wil graag 'n baan vir basketbal bou, en hulle moedig studente aan om aan te sluit by die klub sodat die bou van die baan gefinansier kan word. Belangstellendes kan vir Sandra du Plessis by die sportkantoor kontak.

# Underwater revives

By **Keith Bain**

AS FINANCIAL constraints become an ever-growing burden for the University's more costly societies and clubs, it is gratifying to note that some members of the commercial sector are still willing to sit up and take a keen interest in the development of student sports activities.

The Stellenbosch Underwater Club has recently been hard hit by rising costs which go hand-in-hand with the running of such a popular and diverse society.

The answer to such problems comes in the form of sponsorship, and Paarl's Helios Minolta outlet recently became the latest contributor to this very worthy club. Minolta has always been a major sport sponsor in South-Africa, and its contribution to the needs of the student community, and in particular, the promotion of Scuba diving, underwater hockey and spearfishing amongst Stellenbosch students, is most welcome.

The Underwater Club caters to the needs of close on 200 members, and its activities provide tremendous opportunities for the water-lovers of Stellenbosch. Diving trips are organised for almost every weekend of the Varsity calender, while social events and discounted courses (anything from Open Water I to Dive Master) contribute to the overwhelming success of this dedicated group. The Club also produces an entertaining and informative newsletter, *Aquakrant*, which gives details of fantastic offers and discounts available to members.

One of the highlights of the Club's year is the annual Club Day which was held on Saturday. Despite uncooperative weather, a group of enthusiastic divers set out for Rooi Els, where an eventful day of diving, braaing and socialising was held.

Non-member students who are interested in Scuba, or in any other underwater activities, are invited to make contact with the society at ☎(024) 55-4824. Plans are already underway for a ten day trip to Sudwana in June next year, so prospective members can look forward to an interesting year.



**Members of the Underwater Club taming the waters**

BOBBY McGEE'S
STUDENT SPECIAL
Eat Burger
(sauce included)
to value of R12 and get:
Free: Beer or glass of wine
and
a voucher to jump que
at UNCLE BEN'S
22 Krige Street
Tel 887-0484

# Koshuislandloop laat loop

Deur **Danelle Bredenkamp**

DIE vierde liga van die koshuis-landloop is verlede Woensdag afgehandel. Koshuisspanne sal dus hul mense geïnspireer moet kry as hulle nog enige aanslag wil maak op die titel.

Na afloop van verlede Woensdag se byeenkoms is die puntestand as volg: In die mansafdeling het Eendrag reeds vir hulle 'n stewige voorsprong opgebou met 149 punte. Hulle word gevolg deur Helshoogte en Huis Marais, wat kort op mekaar se hakke is met onderskeidelik 46 en 45 punte.

In die vroue-afdeling is die punte meer verspreid: Heemstede loop voor met 82 punte. Monica is met net 5 punte agter hulle en Lydia is in die derde posisie met 47 punte. Die vyfde liga byeenkoms het gister plaasgevind.

Die agste WP-Landloopliga vind op 27 Augustus om 14:00 op Stellenbosch plaas. Belangstellings kan die kennisgewingbord by die Atletiekklub raadpleeg.

DIE MATIE word geset en gedruk deur Nasionale Media Bpk., Heerengracht 40, Kaapstad.

# Maties se trots in groen en goud

**DIE alombekende Matie flank, Fritz van Heerden, het onlangs terug gekeer van Nieu-Seeland, waar hy vir die eerste keer vir die Springbokke op die veld gedraf het. LAETITIA VAN DER MERWE het met hom gaan gesels om meer uit te vind oor die student in groen en goud.**

**Waar en wanneer het jou rugbyloopbaan begin?**
**Fritz:** Ek was ses of sewe jaar oud toe ek vir die eerste keer vir Laerskool Horison in Roodepoort op die veld gedraf het.

**Wie het die grootste invloed uitgeoefen op jou rugby loopbaan sover?**
**Fritz:** Al my afrigters. Ek kan nie een uitsonder nie - almal was belangrik.

**Wat beskou jy as die belangrikste rede vir jou meteoriese opgang hierdie seisoen?**
**Fritz:** Dit het baie met geluk te doen. Dit is 'n kwessie van op die régte plek op die régte tyd wees. Daar is baie ander spelers wat vir jare aan die deur staan en klop. Daar was 'n tekort aan 'n nommer sewe flank, en ek was gelukkig daar.

**Wat was jou eerste reaksie toe jy hoor dat jy vir die Springbok toerspan gekies is?**
**Fritz:** Ek was op daardie stadium in Kimberley en was stomgeslaan toe ek die nuus hoor.

**Daar word beweer dat daar sterk provinsialistiese samegroeperings op die toer was en dat die Transvalers hulle taamlik eenkant gehou het. Het jy dit so ervaar?**
**Fritz:** Ek was glad nie bewus daarvan nie.

**Het jy as Westelike Provinsie speler makliker aangepas by die weerstoestande oorsee?**
**Fritz:** Miskien, dit is moelik om te sê. Die toer was so lank dat al die spelers aan die einde seker aangepas het by die weersomstandighede.

**Hoe het jy die mense in Nieu-Seeland ervaar?**
**Fritz:** Die mense daar is rugbymal. Dit is baie soos hier in Suid-Afrika. Wat gasvryheid betref, het hulle ons op hulle hande gedra.

**Het julle enige negatiewe opmerkings teenoor Suid-Afrika gekry?**
**Fritz:** Nee, én buitendien was Chester hulle almal se *hero*.

**Dink jy die straf teen Johan le Roux was regverdig?**
**Fritz:** Ek dink nie die straf was regverdig nie - daar was nie veel skade aan Fitzpatrick se oor nie. Johan se hande was vas. Hulle probeer die spel opruim en het 'n voorbeeld van hom gemaak. Ek voel jammer vir hom.

**Was daar enige vuilspel van Nieu-Seeland se kant af?**
**Fritz:** Daar was nie eintlik vuilspel nie. Hierdie vuilspel ding word bietjie uit verband geruk.

**Het die kontroversiële gebeure op die toer 'n negatiewe invloed gehad op die algemene spel van die Springbokke?**
**Fritz:** Nee, ek dink nie so nie. Ons was redelik beskerm teen die media en al die gebeure.

**Wat is jou mening as speler oor die debakel tussen mnr Louis Luyt en mnr Jannie Engelbrecht?**
**Fritz:** Oom Jannie is een van die beste bestuurders ter wêreld en die publiek het dit gesien. Niemand kan iets daarteen sê nie - almal weet wat hy bereik het.

**Wat is jou doelwitte vir die toekoms?**
**Fritz:** Om 100 wedstryde vir die Westelike Provinsie te speel. Ek staan nou op iets soos sestien.

**Wat van volgende jaar se Wêreldbeker Rugbytoernooi?**
**Fritz:** Dit is volgende jaar se ding.

**Jy het nie dalk enige planne om na die Transvaal te verhuis nie?**
**Fritz:** Nee, glád nie!

**Beïnvloed jou rugby jou studies?**
**Fritz:** Ja, ek het dringend hulp in die vorm van notes nodig. Wil jy 'n nommer hê waar mense my in die hande kan kry?

**Ouderdom:** 24j
**Lengte:** 2m
**Gewig:** 106kg
**Posisie:** Flank
**Studierigting:** BA Regte III



Die Springbokke sit koppe bymekaar tydens 'n oefening.



Fritz verteenwoordig sy land in gure weersomstandighede.



Fritz van Heerden, Nico Wegner en Ollie le Roux in bruin.

Afslag
20%
Mama Mia !!
Nie geldig vir groot groepe
DECAMERON
DECAMERON RESTAURANT
BIED STUDENTE 'N 20% AFSLAG
OP ALLES (Kos en Drank)
MET DIE TOON VAN
STUDENTE KAARTE
883-3331

# Koshuisrugby sorg vir vurige stryd



Koshuisspanne sê mekaar die stryd aan.

## Die stand van spanne in Sauer liga:

| SEKSIE A | W | G | V | PV | PT | D | T |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Oude Molen | 2 | - | - | 37 | 11 | 5 | 8 |
| Libertas | 2 | - | - | 45 | 17 | 6 | 8 |
| Huis Marais | 2 | - | - | 49 | 5 | 7 | 7 |
| Simonsberg | - | - | 1 | 22 | 19 | 4 | 4 |
| Wilgenhof | 1 | - | 1 | 14 | 13 | 2 | 4 |
| Helshoogte | 1 | - | 1 | 24 | 45 | 4 | 4 |
| Eendrag | - | 1 | 1 | 14 | 29 | 2 | 2 |
| **SEKSIE B** | | | | | | | |
| Dagbreek | 2 | - | - | 47 | 9 | 7 | 8 |
| Elsenburg | 2 | - | - | 39 | 12 | 7 | 8 |
| Medies | - | 1 | 1 | 11 | 19 | 1 | 2 |
| Huis Visser | - | - | 2 | 14 | 27 | 2 | 1 |
| Helderberg | - | - | 2 | 14 | 37 | 2 | - |
| Majuba | - | - | 2 | 7 | 44 | 1 | - |
| Pieke | - | - | 2 | 7 | 57 | 1 | -- |

Deur Herbert Pretorius

SPANNING is stadig maar seke
besig om op te laai soos die kos
huise mekaar die stryd aansê om
die gesogte Jannie de Villiers-tro
fee. Koshuisrugby is natuurlik
ter sprake en vir die soveelste
keer hierdie jaar het die spanne
van die Eerste Liga vir baie aan
treklike spel gesorg.

Alhoewel die weer nie deur
gaans saamgespeel het nie, kan
toeskouers en spelers getuig dat
dit geensins afbreek gedoen het
aan verlede Vrydag se spel nie. A
die spanne het deurentyd hoë
kwaliteit rugby gespeel wat daar
toe bygedra het dat 'n string ski
terende drieë ná hand-tot-hand
bewegings gedruk is. Dit is juis
hierdie tipe spel wat oor die jare
kenmerkend geword het van stu
denterugby.

Sekere spanne skiet egter te
kort in sommige aspekte van die
spel, bloot weens 'n tekort aan die
nodige spelers. Hierdie probleem
het Vrydag veral duidelik geword
ná die wedstryd tussen Wilgenhof
en Pieke. Enkele minute voor die
wedstryd het Pieke nog vier spe
lers benodig om 'n span vol te
maak. Eerder as om die wedstryd
af te stel, het Wilgenhof twee fla
ke, 'n haker en 'n vleuel beski
baar gestel aan die ontwrigte Pie
ke span.

Wanneer dit kom by entoesias
me, moet daar definitief ook 'n
pluimpie gegee word aan die toe
skouers langs die veld vir die
skep van 'n besondere atmosfeer.

Die gedugte spanne hierdie se
mester is veral Oude Molen, Li
bertas, Huis Marais en Dagbreek
soos hul posisie op die punteleer
weerspieël. Dit is ook opmerklik
dat die twee spanne wat in die vo
rige semesterfinaal gespeel het,
naamlik Dagbreek en Huis Ma
rais, steeds voortbou op hul goei
spel. Al vier hierdie spanne het
daarin geslaag om Vrydag oor
winnings te behaal oor hul opp
nente.

Dit is egter nog nie te laat vir
'n buiteperd om op die toneel te
verskyn nie, so geen span kan op
hierdie stadium afgeskryf word
nie.

'n Senior amptenaar van die
US-rugbykantoor, mnr Daw
Snyman, is baie beïndruk met die
huidige stand van sake. "Die sta
daard van koshuisrugby die af
lope twee seisoene is van die bes
wat ek in baie jare gesien het.

Hy sê ook dat daar hierdie se
soen " totale rugby" gespeel
omdat die voorspelers as 'n vas
eenheid geopereer het en har
kontak gemaak het. Hierdie sp
patroon skep gapings in die m
develd, wat die inisiatief skep v
hardlooprugby.

Na verlede Vrydag se wedst
de bly nog drie wedstryde oor v
elke span waartydens hulle d
kans het om 'n beter posisie
die punteleer te verseker.

**Die volledige uitslae va
Vrydag se kragmetings l
soos volg:** Dagbreek vs E
drag 31-19; Wilgenhof vs Pieke
0; Helshoogte vs Huis Visser
Huis Marais vs Majuba 9-7; Ou
Molen vs Helderberg 11-9; Lib
tas vs Elsenburg 28-16; Simo
berg vs Medies 15-5.


LEGENDES IN ROOI




*Rooi is die kleur van verskeie klassieke legendes.*
*Soos die legendariese Tassenberg, Suid-Afrika se nommer 1 rooiwyn. Vir meer as 55 jaar*
*reeds is Tassenberg se volronde, warm karakter deel van die genot.*
*'n Genot wat gerusstellend dieselfde bly.*

**TASSENBERG. DIE LEGENDE LEEF VOORT.**

BERRY BUSH 7196/A